(4) No employee shall be required as part of his contract of service to board or lodge with the employer or at any place nominated by the employer or to purchase any goods from the employer. An employee who is allowed to purchase any such goods from his employer shall be charged or allowed to pay for such goods not more than the net wholesale price. An employee who agrees to accept board or lodging or both from his employer shall not be required or allowed to pay more than 6s. (six shillings) per week for board and lodging or 4s. (four shillings) per week for board only or 2s. (two shillings) per week for lodging only, unless a higher rate is approved by the Council.

(5) In this Agreement all the wages prescribed are minimum wages and do not prevent the payment of higher wages.

(6) Nothing in this Agreement shall operate to reduce the wage which was being paid to any employee prior to the date of this Agreement.

### 5. Jobbers.

If within 48 hours after starting work a jobber is notified that he is required to work a full week or longer, he shall be paid at the rate payable to weekly employees performing the same class of work and save as is provided in sub-section (2) of section 12 of this Agreement, be subject to the other conditions prescribed in this Agreement for such employees.

### 6. Payment of Wages and Overtime.

(1) Wages and overtime shall be paid in cash weekly, or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay day of the establishment.

(2) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer.

(3) Where, in any establishment, work is performed by employees organized in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

(4) No deductions of any kind other than the following may be made from the earnings of an employee:—

(a) When an employee is absent from work—a pro rata amount for the period of such absence.
(b) With the written consent of the employee—deductions for holidays, sick, insurance or pension funds, or for contributions to the funds of the Trade Union.
(c) Levies in terms of section 14 of this Agreement.
(d) Any amount paid by an employer compelled by any law, Ordinance, or legal process to make payment on behalf of an employee.

### 4. Lone.

(1) Onderstaande minimum lone moet, behoudens die bepalings van subartikels (5) en (6) van hierdie artikel en artikel 5 van hierdie Ooreenkoms, aan die hierondergenoemde klasse arbeiders betaal word—

| | Per Week. |
|---|---|
| (a) Volwassenes— | |
| (i) Voormanbakker | £7 10 0 |
| (ii) Voormanbanketbakker | 7 10 0 |
| (iii) Bakker | 5 0 0 |
| (iv) Banketbakker | 6 0 0 |
| (v) Bakkershulp | 3 0 0 |
| (vi) Banketbakkershulp | 3 0 0 |
| (b) Verpakker | 5 0 0 |
| Magasynier | 5 0 0 |
| Versender | 5 0 0 |
| Uitdeler | 5 0 0 |
| Karryer | 5 0 0 |
| (c) Vakleerling— | |
| Gedurende die eerste ses maande | 0 15 0 |
| met 'n verhoging in die loon gedurende elke daaropvolgende tydperk van ses maande van tot dat in die geval van die bakkeryafdeling van die nywerheid vier jaar en in die geval van die banketbakkeryafdeling van die nywerheid vyf jaar verstreke is. | 0 5 0 |

| | Volwassene. | Jongmens. |
|---|---|---|
| (d) Leerling— | | |
| Eerste ses maande se ervaring | £2 0 0 | £0 17 0 |
| Tweede ses maande se ervaring | 2 0 0 | 1 1 0 |
| Derde ses maande se ervaring | 2 7 6 | 1 6 0 |
| Vierde ses maande se ervaring | 2 7 6 | 1 11 0 |
| Vyfde ses maande se ervaring | 2 15 0 | 1 17 6 |
| Sesde ses maande se ervaring | 2 15 0 | 2 2 6 |
| (e) Ongeskoolde arbeider | | 0 16 6 |
| (f) Karryershandlanger (volwassene of jongmens) | | 1 0 0 |
| (g) Afleweringsarbeider | | 0 16 6 |

| | Per Uur. |
|---|---|
| (h) Loswerker— | |
| (i) Bakker of banketbakker | 0 3 0 |
| (ii) Bakkershulp of banketbakkershulp met 'n minimum betaling aan enige sodanige loswerker van vier uur se loon op elke dag waarop hy werk. | 0 1 9 |

(2) 'n Arbeider wat verplig of toegelaat word om op enige dag twee of meer soorte werk waarvoor verskillende minimum lone voorgeskryf word, te verrig, moet vir al die tyd wat hy op daardie dag werk teen die hoëre of hoogste van sodanige verskillende minimum lone betaal word.

(3) 'n Leerling of vakleerling mag nie in die hoedanigheid van 'n opsigter in 'n inrigting te werk gestel word nie.

(4) 'n Arbeider mag nie verplig word om diens te aanvaar op voorwaarde dat hy by die werkgewer of by 'n plek deur die werkgewer aangewys eet of woon nie of dat hy van die werkgewer goedere koop nie. Word 'n arbeider toegelaat om van sy werkgewer goedere te koop dan mag hy nie verplig of toegelaat word om daarvoor meer as die nettogroothandelprys te betaal nie. As 'n arbeider instem om by sy werkgewer te eet of in te woon of beide te eet en in te woon dan mag hy nie verplig of toegelaat word om meer as 6s. (ses sjielings) per week vir kos en inwoning of 4s. (vier sjielings) per week alleen vir kos of 2s. (twee sjielings) per week alleen vir inwoning te betaal nie, tensy hoër bedrae deur die Raad goedgekeur word.

(5) Die lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is minimum lone en die betaling van hoër lone is nie verbode nie.

(6) Geen bepaling in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om die loon, aan enige arbeider betaal vóór die datum waarop die Ooreenkoms in werking tree, te verminder nie.

### 5. Loswerkers.

Indien aan 'n loswerker, binne 48 uur nadat hy begin werk, meegedeel word dat van hom verlang word om 'n hele week of langer te werk, dan moet hy betaal word teen die loon wat betaalbaar is aan arbeiders by die week wat dieselfde soort werk doen, en die ander diensvoorwaardes, wat in hierdie Ooreenkoms vir sodanige arbeiders voorgeskryf word, is dan, behoudens die bepalings van subartikel (2) van artikel 12 van hierdie Ooreenkoms, ook op hom van toepassing.

### 6. Betaling van Loon en Oortydloon.

(1) Lone en oortydlone moet weekliks, of by diensbeëindiging, indien dit voor die gebruiklike betaaldag van die inrigting val, in kontant betaal word.

(2) 'n Werkgewer mag vir die opleiding van 'n arbeider geen premie bereken of aanneem nie.

(3) Indien in 'n inrigting werk verrig word deur arbeiders wat in spanne of ploeë georganiseer is, moet elke arbeider se verdienste deur die werkgewer aan hom uitbetaal word.

(4) Geen ander bedrae as die onderstaande, van watter aard ook, mag van 'n arbeider se verdienste afgetrek word nie—

(a) indien 'n arbeider van die werk afwesig is, 'n pro rata bedrag vir die duur van sodanige afwesigheid;
(b) met skriftelike toestemming van die arbeider, bedrae vir vakansie-, siekte-, versekerings- of pensioenfondse of vir bydraes aan die fondse van die vakvereniging;
(c) heffings ingevolge artikel 14 van hierdie Ooreenkoms;
(d) enige bedrag wat deur 'n werkgewer, ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur enige wet, ordonnansie of regsgeding, ten behoewe van 'n arbeider betaal word.

7. Proportion or Ratio of Employees.

(1) Every shift shall be under the continuous supervision and control of a foreman, who shall be actively engaged in baking and/or the making of confectionery.

(2) For each foreman baker or foreman confectioner or for each two or part of two bakers or confectioners employed in an establishment there may be employed in such establishment not more than one apprentice.

(3) For each apprentice employed in such establishment there may be employed not more than two learners, but before any learner may be employed in any establishment, the full complement of apprentices permissible in any establishment shall be employed.

(4) In any establishment one foreman baker or one foreman confectioner and one baker or one confectioner shall be employed before a baker's assistant or a confectioner's assistant may be employed in manufacturing bread and/or confectionery.

For purposes of this sub-section, an employee doing the work and receiving not less than the minimum wage of a baker, and an employee doing the work and receiving not less than the minimum wage of a confectioner may be deemed to be respectively a baker or a confectioner.

(5) A baker who also does the work of a confectioner and a confectioner who also does the work of a baker may be reckoned as either a baker or a confectioner, but not as both.

(6) For the purposes of this section an employer who has had not less than four years' experience as a baker or five years as a confectioner, and who is wholly or substantially engaged in his own establishment in doing the work of a foreman baker and/or foreman confectioner may be reckoned as either a foreman baker or a foreman confectioner, but not both, provided he has caused his name to appear in the time and wage register and has clearly stated therein the occupation in which he is so engaged.

(7) (*a*) For each vanman not more than two assistants may be employed.

(*b*) A vanman shall not be in charge of or operate or control more than one van.

(8) One storeman, packer, dispatcher, or issuer shall be employed before an unskilled labourer may be employed as an assistant to a storeman, packer, dispatcher or issuer provided that an employer, who is wholly or substantially engaged in doing the actual work of a storeman, packer, dispatcher or issuer in his own establishment may for the purposes of this sub-section be deemed to be a storeman, packer, dispatcher or issuer.

(9) Not more than one member of any firm or partnership shall, for the purposes of this section be considered an employer.

8. Hours of Work and Overtime.

(1) (*a*) Vanmen, vanmen's assistants and other employees employed in connection with delivery work shall not, without the sanction in writing of the Council, work for more than 54 hours in any week, the hours of working to be mutually arranged between employers and employees.

(*b*) In no circumstances whatever shall an employer or employee be permitted to deliver, supply or hand over bread and/or confectionery on Sundays without the prior sanction in writing of the Council which may impose such conditions as it may from time to time determine.

(*c*) No employer or employee shall be allowed to deliver, supply, or hand over bread and/or confectionery on a Public Holiday, unless the employer has obtained the prior sanction in writing of the Council, which permission shall only be granted when two public holidays fall consecutively. If, however, the Council permits an employee to work on such day or days, he shall receive in lieu thereof such day or days as the Council shall declare as a substituted holiday, and further, subject to such conditions as the Council shall determine from time to time.

(2) For all employees other than those specified in sub-section (1) of this section, the ordinary working hours shall not exceed forty-eight in any one week of six working days.

(3) The working hours of employees on any day shall be consecutive except for meal times, but shall not exceed five consecutive hours without a break of at least one hour.

(4) Subject to the provisions of sub-section (1) (*b*) and (*c*) of this section, time worked by employees in excess of the hours prescribed in this section shall be paid for at the rate of not less than time and a quarter.

(5) Every employer shall, at the commencement of each week, exhibit in a conspicuous place in his establishment a time-table showing the days and hours on and during which each of his employees will be required to work during such week, and shall keep such time-table continuously exhibited throughout such week. When an employee to whom the provisions of sub-section (1) of this section applies is required or allowed to work on a Sunday or a public holiday in any one week, the time-table for such week shall specify the day on which such employee shall be given off in accordance with sub-section (1) (*c*) of this section.

7. Verhouding van Arbeiders.

(1) Elke skof moet voortdurend onder die toesig en beheer wees van 'n voorman wat self bakkerswerk verrig en/of banket maak.

(2) Vir elke voormanbakker of voormanbanketbakker of vir elke twee of deel van twee bakkers of banketbakkers werksaam in 'n inrigting, mag hoogstens een vakleerling in sodanige inrigting in diens geneem word.

(3) Daar mag vir elke vakleerling in diens in so'n inrigting hoogstens twee leerlinge in diens geneem word, maar voordat 'n leerling in 'n inrigting in diens geneem mag word, moet die volle getal vakleerlinge wat in die inrigting toegelaat is eers in diens wees.

(4) Daar moet eers een voormanbakker of een voormanbanketbakker en een bakker of een banketbakker in 'n inrigting in diens wees voordat 'n bakkershulp of 'n banketbakkershulp by die vervaardiging van brood en/of banket in diens geneem mag word.

Vir die toepassing van hierdie subartikel kan 'n arbeider wat die werk doen, en minstens die minimum loon ontvang van 'n bakker, en 'n arbeider wat die werk doen, en minstens die minimum loon ontvang, van 'n banketbakker, onderskeidelik as 'n bakker of 'n banketbakker gereken word.

(5) 'n Bakker wat ook die werk van 'n banketbakker doen en 'n banketbakker wat ook die werk van 'n bakker doen, kan as 'n bakker of as 'n banketbakker gereken word, maar nie as beide nie.

(6) Vir die toepassing van hierdie artikel kan 'n werkgewer met minstens vier jaar ervaring as 'n bakker of vyf jaar ervaring as 'n banketbakker en wat in sy eie inrigting geheel of hoofsaaklik die werk van 'n voormanbakker en/of 'n voormanbanketbakker verrig, as 'n voormanbakker of as 'n voormanbanketbakker gereken word, maar nie as beide nie, mits hy sy naam in die tyd- en loonregister laat inskryf en daarby duidelik die beroep, waarby hy aldus werksaam is, vermeld.

(7) (*a*) Vir elke karryer mag hoogstens twee karryershandlangers in diens geneem word.

(*b*) 'n Karryer mag nie met die toesig oor, of bestuur van meer as een kar belas word of daarmee werk nie.

(8) Een magasynier, verpakker, versender of uitdeler moet in diens wees voordat 'n ongeskoolde arbeider as handlanger van 'n magasynier, verpakker, versender of uitdeler in diens geneem mag word, met dien verstande dat 'n werkgewer, wat in sy eie inrigting geheel of hoofsaaklik die werk van 'n magasynier, verpakker, versender of uitdeler verrig, vir die toepassing van hierdie subartikel as 'n magasynier, verpakker, versender of uitdeler beskou mag word.

(9) Hoogstens een lid van 'n firma of vennootskap kan vir die toepassing van hierdie artikel as 'n werkgewer beskou word.

8. Werkure en Oortydwerk.

(1) (*a*) Karryers, karryershandlangers en ander arbeiders wat in verband met afleweringswerk in diens is, mag nie sonder skriftelike toestemming van die Raad meer as 54 uur in enige week werk nie en die werkure moet onderling deur werkgewers en arbeiders gereël word.

(*b*) 'n Werkgewer of arbeider mag onder geen omstandighede hoegenaamd op Sondag brood en/of banket aflewer, lewer of oorhandig nie, behalwe met voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad wat sodanige voorwaardes kan oplê as hy van tyd tot tyd mag bepaal.

(*c*) Geen werkgewer of arbeider word toegelaat om op 'n openbare vakansiedag brood en/of banket af te lewer, te lewer of te oorhandig nie, tensy die werkgewer vooraf skriftelike toestemming van die Raad verkry het en sodanige toestemming word alleen verleen as twee openbare vakansiedae op mekaar volg. Indien die Raad egter 'n arbeider toelaat om op sodanige dag of dae te werk, dan moet aan hom plek daarvan sodanige vrye dag of dae toegestaan word wat die Raad as plaasvervangende vakansie aanwys, en bowendien moet aan sodanige voorwaardes as die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, voldoen word.

(2) Vir alle arbeiders, behalwe dié wat in subartikel (1) van hierdie artikel genoem word, mag die gewone werkure nie meer as ag-en-veertig per week van ses werkdae wees nie.

(3) Die werkure van arbeiders op enige dag mag alleen vir maaltye onderbreek word, maar daar mag nie meer as vyf uur agtereenvolgens sonder 'n tussenpoos van minstens een uur gewerk word nie.

(4) Behoudens die bepalings van subartikel (1) (*b*) en (*c*) van hierdie artikel, moet vir alle tyd wat arbeiders werk bo en behalwe die ure wat in hierdie artikel voorgeskryf word betaal word teen minstens een en een-kwart maal die gewone loon.

(5) Elke werkgewer moet aan die begin van elke week op 'n in die oog vallende plek in sy inrigting 'n rooster aanbring wat die dae en ure vermeld waarop elkeen van sy arbeiders gedurende sodanige week moet werk, en hy moet sodanige rooster die hele week voortdurend daar hou. Indien 'n arbeider, op wie die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel van toepassing is, verplig of toegelaat word om in enige week op Sondag of op 'n openbare vakansiedag te werk, dan moet op die rooster vir sodanige week die dag vermeld word wat die arbeider ingevolge subartikel (1) (*c*) van hierdie artikel nie behoef te werk nie.

### 9. Holidays.

(1) Subject to the provisions of sub-section (1) (*c*) of section 8 of this Agreement employees shall be entitled to leave on all statutory holidays on full pay, and in addition to annual leave on full pay, consisting of not less than six consecutive working days in respect of each completed year of service reckoned from the date of commencement of this Agreement.

(2) Annual leave shall be taken at a time to be arranged between employers and employees. Application for annual leave shall be made at least thirty days before it is due, and in all cases the annual leave shall be granted by the employer within ninety days from the date of application, provided that an employee may agree in writing with his employer to accumulate such leave. Should any such employee, however, leave his employment at any time after leave is due, the provision of sub-section (6) of this section shall apply for the entire period for which leave is due.

All leave which may have accrued or accumulated under any previous Agreement shall, for the purposes of this Agreement, be deemed to be leave accrued hereunder, and shall be subject to the conditions herein contained.

(3) Any time served between the conclusion of a year's service and the date on which the annual leave is taken shall be reckoned towards the next annual leave.

(4) Absence from work on account of illness shall not be included in the period of service.

(5) Casual leave of absence granted on full pay in any one year of service shall be deducted from the annual leave for such year.

(6) When the service of an employee is terminated after three months' service in the first year or before the annual leave is taken in any other year, the employer shall pay the employee one-fiftieth of a week's pay at the rate which the employee was receiving when his service was terminated for each week of service in the uncompleted year, or since the last annual holiday was taken by such employee.

### 10. Apprenticeship.

(1) (*a*) Any person who is a juvenile, is medically fit, and is legally exempted from school attendance, or if there is no compulsory school attendance law applicable to him, any such person who has attained the age of 14 years may, save as otherwise provided in the Factories Act, 1918, with the assistance of his parent or guardian, or in the absence of a parent or guardian, with the assistance of a magistrate, and subject to the provisions of this Agreement bind himself as an apprentice in the trade of—

(i) Baking, or

(ii) Making of confectionery.

(*b*) The period of apprenticeship shall be 4 years in the trade of baking and 5 years in the trade of making of confectionery, provided that in the case of a juvenile who has, without any written contract of apprenticeship, been regularly employed in baking or the making of confectionery as the case may be, the whole or portion of the period during which he was so employed may, if the Inspector of Apprenticeship approves, be reckoned as part of the said period of apprenticeship.

(*c*) A contract of apprenticeship entered into under this Agreement shall, within three months from the date thereof, be submitted to the Divisional Inspector of the Department of Labour, Pretoria, in duplicate for transmission to the Inspector of Apprenticeship for noting.

(2) The Inspector of Apprenticeship may refuse to note a contract of apprenticeship if, in his opinion, the contract is not for the benefit of the juvenile, or if he is satisfied that proper provision does not exist for the training of the apprentice, or if the contract does not comply with the provisions of this Agreement.

(3) All parties to a contract of apprenticeship under this Agreement shall observe the provisions of such contract.

(4) (*a*) A Contract of Apprenticeship may be cancelled by the Inspector of Apprenticeship—

(i) If all parties consent thereto in writing;

(ii) on good and sufficient reason being shown by the employer or the apprentice, or the apprentice's parent or guardian.

(*b*) If, owing to the death or insolvency of the employer or for any other reason satisfactory to the Inspector of Apprenticeship, the terms of any contract cannot be fulfilled or if the parties to the contract mutually agree, the contract may, subject to the approval of the Inspector of Apprenticeship be transferred to another employer.

(5) Nothing contained in this section shall be interpreted as affecting any written contract of apprenticeship entered into with a juvenile prior to the date of the signature of this Agreement, provided that all such contracts shall within three months from the date of this Agreement, be submitted to the Inspector of Apprenticeship for noting.

### 9. Vakansie.

(1) Arbeiders is, behoudens die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel 8 van hierdie Ooreenkoms, geregtig tot verlof teen volle betaling op alle wettig voorgeskrewe vakansiedae en bowendien tot jaarlikse verlof teen volle betaling, bestaande uit minstens ses agtereenvolgende werkdae ten opsigte van elke voltooide jaar diens bereken vanaf die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word.

(2) Die jaarlikse verlof moet geneem word op 'n tyd wat tussen die werkgewers en arbeiders gereel word. Aansoek om jaarlikse verlof moet gedoen word minstens dertig dae voordat dit verskuldig word en die verlof moet in alle gevalle deur die werkgewer toegestaan word binne negentig dae na die datum van aansoek, met dien verstande dat 'n arbeider met sy werkgewer 'n skriftelike ooreenkoms kan tref om sodanige verlof te laat oploop. Ingeval so'n arbeider ewenwel uit diens tree te eniger tyd nadat die verlof opgeloop het, dan is die bepalings van subartikel (6) van hierdie artikel van toepassing ten opsigte van die gehele tydperk waarvoor verlof verskuldig is.

Alle verlof wat ingevolge 'n vroeëre Ooreenkoms verskuldig is of opgeloop het, word vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms beskou asof dit ingevolge hierdie Ooreenkoms verskuldig is en is onderworpe aan die voorwaardes hierin vasgestel.

(3) Alle tyd gewerk tussen die voltooiing van 'n jaar diens en die datum waarop die jaarlikse verlof geneem word, moet vir die volgende jaarlikse verlof ingereken word.

(4) Afwesigheid van werk weens siekte word nie by die dienstyd gereken nie.

(5) Toevallige afwesigheid teen volle betaling wat in die loop van 'n jaar diens toegestaan is, moet van die jaarlikse verlof vir sodanige jaar afgetrek word.

(6) Ingeval 'n arbeider se diens beëindig word na drie maande diens in die eerste jaar, of voordat die jaarlikse verlof geneem word in enige volgende jaar, moet die werkgewer vir elke week diens in die onverstreke jaar, of sedert die laaste jaarlikse verlof deur sodanige arbeider geneem is, aan die arbeider een-vyftigste van 'n week se loon, teen die loon wat die arbeider by diensbeëindiging getrek het, betaal.

### 10. Vakleerlingskap.

(1) (*a*) Enige persoon wat 'n jongmens en geneeskundig geskik en wettig van skoolbesoek vrygestel is, of, as daar geen wet is wat skoolbesoek vir hom verpligtend maak, kan so'n persoon, as hy 14 jaar oud is, hom, behalwe vir sover dit in die Fabriekswet 1918, anders bepaal word, met die hulp van sy ouer of voog of, by afwesigheid van 'n ouer of voog, met die hulp van 'n magistraat en onderworpe aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms, verbind as vakleerling in—

(i) bakkerwerk; of

(ii) die maak van banket.

(*b*) Die vakleerlingtydperk is vier jaar in die geval van bakkerwerk en vyf jaar in die geval van die maak van banket met dien verstande dat, waar 'n jongmens sonder 'n skriftelike vakleerlingskontrak gereeld in verband met bakkerswerk of die maak van banket in diens was, die hele tydperk wat hy aldus in diens was of 'n gedeelte daarvan, met toestemming van die Inspekteur van Vakleerlinge, as deel van genoemde vakleerlingstydperk gereken mag word.

(*c*) 'n Vakleerlingskontrak wat aangegaan word ingevolge hierdie Ooreenkoms moet binne drie maande na die datum daarvan in duplo aan die Afdelingsinspekteur van die Departement van Arbeid gestuur word vir deursending aan die Inspekteur van Vakleerlinge om deur hom aangeteken te word.

(2) Die Inspekteur van Vakleerlinge kan weier om 'n vakleerlingskontrak aan te teken, ingeval die kontrak volgens sy mening die jongmens nie tot voordeel strek nie, of indien hy daarvan oortuig is dat daar nie voldoende voorsiening vir die opleiding van die vakleerling bestaan nie, of indien die kontrak nie aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms voldoen nie.

(3) Al die partye by 'n vakleerlingskontrak ingevolge hierdie Ooreenkoms moet die bepalings van sodanige kontrak nakom.

(4) (*a*) 'n Vakleerlingskontrak kan deur die Inspekteur van Vakleerlinge gekanselleer word—

(i) as al die partye skriftelik daarmee instem;

(ii) as die werkgewer of vakleerling of die ouer of voog van die vakleerling voldoende grondige redes daartoe aanvoer.

(*b*) Indien die bepalings van 'n kontrak deurdat die werkgewer sterf of insolvent raak of om enige ander rede wat die Inspekteur van Vakleerlinge bevredig, nie nagekom kan word nie of indien die partye by die kontrak onderling ooreenkom, kan die kontrak, met goedkeuring van die Inspekteur van Vakleerlinge, aan 'n ander werkgewer oorgedra word.

(5) Niks in hierdie artikel word so verklaar dat dit 'n skriftelike vakleerlingskontrak, met 'n jongmens aangegaan vóór die datum van ondertekening van hierdie Ooreenkoms, raak nie, met dien verstande dat so'n kontrak binne drie maande vanaf die datum van hierdie Ooreenkoms aan die Inspekteur van Vakleerlinge ter aantekening voorgelê moet word.

11. CERTIFICATES OF SERVICE.

(1) For the purpose of determining the wage that shall be paid to employees comprised in sub-section (1) (*d*) of Section 4 of this Agreement, every employer shall issue, free of charge, a certificate of service in the form of the annexure to this Agreement, to each such employee at the time he leaves such employer's service. All certificates issued by each employer shall be numbered consecutively and a duplicate copy of each certificate issued shall be retained by the employer.

(2) An employer shall before engaging an applicant for work as a juvenile employee (other than an unskilled labourer or a vanman's assistant) or as a learner, require such applicant to produce a certificate of service issued in accordance with the provisions of sub-section (1) of this section, or a certificate signed by the Secretary to the Council specifying the length of applicant's previous experience.

12. TERMINATION OF EMPLOYMENT.

(1) Not less than one week's notice shall be given by the employer or the employee to terminate a contract of service provided that it shall not affect—

(*a*) the right of an employee or employer to terminate the contract of service without notice for any good cause recognized by law as sufficient;
(*b*) any written agreement between the employer and employee providing for a longer period of notice than one week;

and provided further that an employer may pay to an employee a week's wages for and in lieu of the prescribed period of notice.

(2) The provisions of sub-section (1) of this section shall not apply to jobbers, whose contract of service may be terminated without notice by either side.

13. EXEMPTIONS.

(1) The Council may grant exemption from any of the provisions of sections 4, 6, 7, and 8 of this Agreement to or in respect of any person who—

(*a*) on account of old age or infirmity; or
(*b*) for any other good or sufficient reason;

is unable to earn the minimum wage prescribed for his class or to comply with any other conditions laid down in the said sections.

(2) The Council shall fix in respect of any person granted exemption, the conditions subject to which such exemption is granted, and the period during which such exemption shall operate provided that the Council may, if it deem fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any exemption certificate whether or not the period for which exemption was granted has expired.

(3) The Secretary to the Council shall issue to every person granted exemption a certificate signed by him setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;
(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
(*c*) the conditions subject to which such exemption is granted; and
(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council shall—

(i) number consecutively all certificates issued;
(ii) retain a copy of each certificate issued, and forward a copy to the Divisional Inspector of Labour, Pretoria;
(iii) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the certificate to the employer concerned.

14. EXPENSES OF COUNCIL.

For the purpose of meeting the expenses of the Council each employer shall deduct twelve pence per week from the earnings of each of his employees for whom minimum wages in excess of £1 per week are prescribed in this Agreement.

To the amount so deducted the employer shall add a like amount and forward month by month and not later than the seventh day of each month the total sum to the Secretary of the Council, P.O. Box 357, Pretoria.

15. APPLICATION OF FACTORIES ACT, 1918.

(1) Nothing in this Agreement shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any person during any hours in which the employment of such person is prohibited under that Act.

(2) No person may be employed in an establishment which is not a factory during any hours or day when it would under the provisions of the Factories Act, 1918, be unlawful to employ such person if the establishment were a factory.

(3) Employees to whom exemption from the restrictions under the Factories Act, 1918, in respect of place or hours of work or holidays has been granted in terms of section *twenty-seven* of that Act, shall not be affected by the provisions of this Agreement relating to such matters.

11. DIENSSERTIFIKATE.

(1) Ten einde die loon, wat betaal moet word aan arbeiders wat val onder subartikel (1) (*d*) van artikel 4 van hierdie Ooreenkoms, te kan vasstel, moet elke werkgewer aan elke sodanige arbeider gratis 'n dienssertifikaat, in die vorm van die aanhangsel by hierdie Ooreenkoms, uitreik wanneer hy uit die werkgewer se diens tree. Alle sertifikate wat deur 'n werkgewer uitgereik word, moet in volgorde genommer, en 'n duplikaat van elke sertifikaat moet deur die werkgewer behou word.

(2) 'n Werkgewer moet, voordat hy 'n applikant vir werk as 'n jongmens (behalwe in die hoedanigheid van 'n ongeskoolde arbeider of 'n karryershandlanger), of as 'n leerling in diens neem, van sodanige applikant 'n dienssertifikaat vorder wat uitgereik is ingevolge die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel of anders 'n sertifikaat wat deur die Sekretaris van die Raad onderteken is, en waarin die duur van die applikant se vorige ervaring vermeld word.

12. DIENSBEËINDIGING.

(1) 'n Werkgewer of 'n arbeider moet die diens minstens een week vooraf opsê, met dien verstande dat dit op—

(*a*) die reg van 'n werkgewer of 'n arbeider om diens sonder opsegging te beëindig om enige goeie rede wat deur die wet as voldoende erken word;
(*b*) enige skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n arbeider wat voorsiening maak vir langer diensopsegging as een week;

geen inbreuk maak nie, en verder met dien verstande dat, 'n werkgewer aan 'n arbeider 'n week se loon kan betaal pleks van die diens volgens hierdie voorskrif op te sê.

(2) Die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel is nie op loswerkers van toepassing nie en in hulle geval kan diens sonder opsegging deur enige party beëindig word.

13. VRYSTELLINGS.

(1) Die Raad kan van enige bepaling van artikels 4, 6, 7 en 8 van hierdie Ooreenkoms vrystelling verleen aan of ten opsigte van enige persoon wat—

(*a*) weens ouderdom of swakheid; of
(*b*) om enige ander goeie of voldoende rede

nie in staat is om die minimum loon, voorgeskryf vir sy klas, te verdien, of om aan enige ander bepalings van genoemde artikels te voldoen nie.

(2) Die Raad moet ten opsigte van elke persoon aan wie vrystelling verleen word, die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling geldig is, vasstel, met dien verstande dat, die Raad, na goeddunke en nadat aan die betrokke persoon een week vooraf skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingsertifikaat kan intrek of die tydperk waarvoor vrystelling verleen was, verstryk het of nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen word 'n sertifikaat uitreik wat deur hom onderteken is en waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;
(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;
(*c*) die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word; en
(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling geldig is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(*a*) alle sertifikate wat uitgereik word in volgorde nommer;
(*b*) van elke sertifikaat wat uitgereik word een afskrif hou en een aan die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Pretoria, stuur;
(*c*) ingeval aan 'n arbeider vrystelling verleen word, 'n afskrif van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

14. UITGAWES VAN DIE RAAD.

Ten einde die uitgawes van die Raad te bestry, moet elke werkgewer twaalf pennies per week aftrek van die verdienste van elkeen van sy arbeiders vir wie in hierdie Ooreenkoms 'n minimum loon van meer as £1 per week voorgeskryf word. Die werkgewer moet by die bedrag aldus afgetrek 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag maandeliks, voor of op die sewende dag van die maand, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 357, Pretoria, stuur.

15. TOEPASSING VAN FABRIEKSWET, 1918.

(1) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige vermeerdering van die maksimum getal werk- of oortydwerkure toegelaat ingevolge die Fabriekswet, 1918, wettig te maak, of om die indiensneming van enige persoon gedurende ure waarop die indiensneming van sodanige persoon ingevolge daardie wet verbode is, te magtig nie.

(2) Geen persoon mag in 'n inrigting wat nie 'n fabriek is nie, te werk gestel word gedurende 'n uur of op 'n dag waarop dit ingevolge die Fabriekswet, 1918, onwettig sou wees om sodanige persoon te werk te stel indien die inrigting 'n fabriek was.

(3) Arbeiders wat ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Fabriekswet, 1918, vrygestel is van die beperkings ingevolge daardie wet, betreffende werkplek of -ure of vakansie, word nie deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms in verband met sodanige sake geraak nie.

16. EXHIBITION OF AGREEMENT.

Every employer shall affix and keep affixed a legible copy of this Agreement in his establishment in a conspicuous place where it is readily accessible to his employees.

17. TRADE UNION REPRESENTATIVES ON THE COUNCIL.

Employers shall give to any of their employees who are representatives on the Council every reasonable facility to attend to their duties in connection with the work of the Council.

18. INTERPRETATION OF AGREEMENT.

(1) The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement and may issue expressions of opinion not inconsistent with the provisions thereof for the guidance of employers and employees.

(2) Any dispute which may arise regarding the interpretation of any of the provisions of this Agreement shall be referred to the Council.

19. AGENTS.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. An agent may enter any establishment and may question any employer or employee and inspect the records of wages paid, time worked and payment made for overtime for the purpose of ascertaining whether the terms of this Agreement are being observed.

20. TRADE UNION LABOUR.

(1) Members of the trade union agree to accept employment with members of the employers' organization only, and members of the employers' organization agree to employ members of the trade union only.

(2) An employer shall not engage an employee unless such employee is in possession of a "Clearance" card issued by the trade union and current during the week in which the application is made.

(3) Every employer shall deduct the trade union subscription from the wages of his employees, and shall forward the amount so collected to the Secretary of the Trade Union, P.O. Box 100, Pretoria, not later than the seventh day of each month.

(4) The duly accredited representatives of the trade union shall be allowed every facility to meet members of the trade union at their work after obtaining the permission of the employer or his representative.

Signed at Pretoria on behalf of the parties on this the 16th day of November, 1933.

H. A. DE LOOR,
Chairman of the Council.

J. KOEHORST,
Vice-Chairman of the Council.

CLAUDE E. ACTON,
Secretary of the Council.

---

ANNEXURE.

---

No. of Certificate.

CERTIFICATE OF SERVICE.

---

(Issued in terms of section ..... of Industrial Council Agreement published under Government Notice No....., dated.....1933.)

Name of Industry.....

Name and address of firm.....

I hereby certify that the undermentioned person was employed by me and that the particulars detailed hereunder are correct:—

1. Full name of employee.....
2. Address.....
3. Sex.....
4. Age.....
5. Occupation.....
6. Rate of wage due at date of leaving.....
.....
7. Date of entering my service.....
.....
8. Date of leaving my service.....
9. The number of the certificate of service issued by previous employer.....
was.....

Dated at.....this.....day of.....193.....

.....
Signature of Employer.

*N.B.*—Duplicate copy of this certificate must be retained by employer.

16. TENTOONSTEL VAN OOREENKOMS.

Elke werkgewer moet op 'n in die oog vallende plek in sy inrigting wat maklik toeganklik is vir sy arbeiders 'n leesbare afskrif van hierdie Ooreenkoms aanbring en dit daar tentoongestel hou.

17. VERTEENWOORDIGERS VAN VAKVERENIGING OP DIE RAAD.

'n Werkgewer moet aan enige arbeider wat 'n verteenwoordiger op die Raad is, alle redelike fasiliteite verleen om sy pligte in verband met die werk van die Raad te vervul.

18. VERKLARING VAN OOREENKOMS.

(1) Die Raad is die liggaam wat vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en hy kan vir die leiding van werkgewers en arbeiders menings uitspreek wat nie met die bepalings daarvan in stryd is nie.

(2) Enige geskil wat mag ontstaan betreffende die verklaring van die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet na die Raad verwys word.

19. AGENTE.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone aanstel as agente om by die toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms hulpsaam te wees. 'n Agent kan enige inrigting betree en kan enige werkgewer of arbeider ondervra en die boeke waarin lone wat betaal, die tyd wat gewerk en die bedrae wat vir oortydwerk betaal word, nasien, aangeteken word, ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word.

20. ARBEID VAN LEDE VAN VAKVERENIGING.

(1) Lede van die vakvereniging stem toe om alleen by lede van die werkgewersorganisasie in diens te tree en lede van die werkgewersorganisasie stem toe om alleen lede van die vakvereniging in diens te neem.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n arbeider in diens neem nie tensy sodanige arbeider in besit is van 'n subskripsie-kaartjie, wat deur die vakvereniging uitgereik en vir die week, waarin die applikasie gemaak word, geldig is.

(3) Elke werkgewer moet die bydraes aan die vakvereniging van die loon van sy arbeiders aftrek en moet die bedrag aldus afgetrek voor of op die sewende dag van die maand aan die Sekretaris van die Vakvereniging, Posbus 100, Pretoria, stuur.

(4) Alle fasiliteite moet aan behoorlik gemagtigde verteenwoordigers van die vakvereniging verleen word, om met voorafgaande toestemming van die werkgewer of sy verteenwoordiger, lede van die vakvereniging by hulle werk te spreek.

Namens die partye onderteken in Pretoria op hierdie 16de dag van November 1933.

H. A. DE LOOR,
Voorsitter van die Raad.

J. KOEHORST,
Ondervoorsitter van die Raad.

CLAUDE E. ACTON,
Sekretaris van die Raad.

---

AANHANGSEL.

---

No. of Sertifikaat.

DIENSSERTIFIKAAT.

---

(Uitgereik ingevolge artikel ..... van Nywerheidsraad-ooreenkoms afgekondig by Goewermentskennisgewing No....., gedateer.....)

Naam van Nywerheid.....

Naam en adres van firma.....

Hierby sertifiseer ek dat ondervermelde persoon by my in diens was en dat onderstaande besonderhede juis is:—

1. Volle naam van arbeider.....
2. Adres.....
3. Sekse.....
4. Ouderdom.....
5. Beroep.....
6. Loon betaal by uitdienstreding.....
.....
7. Datum van indienstreding.....
.....
8. Datum van uitdienstreding.....
9. Die nommer van die dienssertifikaat uitgereik deur vorige werkgewer ..... was .....

Uitgereik te.....op hede.....dag van.....193...

.....
Handtekening van Werkgewer.

*N.B.*—Duplikaat van hierdie sertifikaat moet deur die werkgewer behou word.

✱ No. 1668.] [8th December, 1933.

WAGE ACT, 1925, AS AMENDED BY ACT No. 23 OF 1930.

BAKING AND CONFECTIONERY TRADE, DURBAN, PIETERMARITZBURG, AND CERTAIN OTHER DISTRICTS IN NATAL.

I, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister of Labour, having received a recommendation submitted by the Wage Board, hereby, in terms of sub-section (1) (*a*) of section *seven* of the Wage Act, 1925, as amended by Act No. 23 of 1930, publish such recommendation as a schedule hereto and notify that I propose to make a determination in accordance with the said recommendation.

All persons having any objections to the making of such a determination are invited to lodge them in writing with the Secretary for Labour, Pretoria, within thirty days of the date of this publication.

A. P. J. FOURIE,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY THE WAGE BOARD.

BAKING AND CONFECTIONERY TRADE, DURBAN, PIETERMARITZBURG AND CERTAIN OTHER DISTRICTS IN NATAL.

1. AREA AND SCOPE OF OPERATION OF DETERMINATION.

This determination shall apply to employees employed in the baking and confectionery trade, including persons engaged in the packing, despatching and delivery of bread and/or confectionery in the Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pinetown and Pietermaritzburg and to the employers of all such employees.

2. DEFINITIONS.

Unless the contrary intention appears any expression used in this determination and defined in the Wage Act, 1925, has the same meaning as in that Act; any reference to an Act includes any amendment of such Act; words importing the masculine gender include females; further, unless inconsistent with the context—

"apprentice" means an employee who is being trained in baking and/or the making of confectionery and is bound by a contract of apprenticeship in accordance with this determination;

"baker" means an employee (other than a foreman baker or assistant foreman baker or apprentice) who makes, moulds, mixes or handles dough by hand or by machine and/or bakes dough or bread;

"foreman baker" means a baker who has had not less than 5 years' experience, whether as an apprentice or otherwise, as a baker, and who is in charge of the making or baking of bread in a bakehouse and present in the bakehouse during the whole of the shift in which he is working;

An employer who during the whole of a shift actually works in his bakehouse and takes charge of the making and baking of bread therein may for such shift be deemed to be a foreman baker in that bakehouse;

"assistant foreman baker" means a baker who takes charge or is employed to take charge of the making or baking of bread in the shift in which he is working during the absence of the foreman baker;

"baking" means the making and baking of bread including rolls and fancy bread;

"confectioner" means an employee (other than an apprentice or a confectioner's assistant) who makes up, ornaments, bakes, or cooks confectionery;

"confectioner's assistant" means a female employee who works exclusively in ornamenting and/or packing confectionery;

"hourly wage" means in respect of an employee other than a jobber the wage prescribed for a weekly employee divided by 48;

"inspector" means an inspector of the Department of Labour;

"jobber" means a baker and/or confectioner who in any one week is employed for not more than sixteen hours by the same employer;

"labourer" means an employee who works exclusively in one or more of the following occupations:—

(*a*) feeding dough to a machine;
(*b*) carrying or stacking materials, utensils, flour, dough, bread, or trays of confectionery;
(*c*) loading or unloading goods on or from vehicles;
(*d*) cleaning premises, vehicles or animals;
(*e*) making or maintaining fires or removing refuse or ashes;
(*f*) greasing or preparing for use or washing or cleaning—

trays, pans, boxes, tins, machines, utensils, flues, smoke stacks, soot-boxes;



✱ No. 1668.] [8 Desember 1933.

LOONWET, 1925, SOOS BY WET No. 23 VAN 1930 GEWYSIG.

BAKKERS- EN BANKETBEDRYF IN DURBAN, PIETERMARITZBURG, EN SEKERE ANDER DISTRIKTE IN NATAL.

Ek, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister van Arbeid, wat 'n aanbeveling, deur die Loonraad voorgelê, ontvang het, publiseer hierby sodanige aanbeveling kragtens die bepalings van subartikel (1) (*a*) van artikel *sewe* van die Loonwet, 1925, soos by Wet No. 23 van 1930 gewysig, as 'n Skedule hiervan en maak ingevolge genoemde bepalings bekend dat ek voornemens is ooreenkomstig gemelde aanbeveling 'n vasstelling te maak.

Alle persone wat beswaar het teen die maak van so'n vasstelling, word versoek om daardie besware binne dertig dae vanaf die datum van hierdie bekendmaking skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, in te dien.

A. P. J. FOURIE,
Minister van Arbeid.

SKEDULE.

AANBEVELING VAN DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

BAKKERS- EN BANKETBEDRYF, DURBAN, PIETERMARITZBURG, EN SEKERE ANDER DISTRIKTE IN NATAL.

1. GEBIED WAARIN EN PERSONE OP WIE DIE VASSTELLING VAN TOEPASSING IS.

Hierdie vasstelling is van toepassing op werknemers in diens by die bakkers- en banketbedryf, met inbegrip van persone belas met die verpakking, wegstuur en aflewering van brood en/of banket in die magistraatsdistrikte Durban, Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg, en op die werkgewers van al sulke werknemers.

2. WOORDEBEPALING.

Behalwe waar die teendeel blyk, het alle uitdrukkings wat in hierdie vasstelling gebesig word en in die Loonwet, 1925, omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet; is by elke verwysing na 'n Wet ook alle wysigings van sodanige Wet inbegrepe; sluit woorde, wat die manlike geslag aandui, ook vroumense in. En, tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken—

„arbeider" 'n werknemer wat uitsluitlik een of meer van onderstaande werksaamhede verrig—

(*a*) 'n deegmasjien voer;
(*b*) materiaal, gereedskap, meel, deeg, brood of bakke met banket dra of opstapel;
(*c*) goedere van of op voertuie af- of oplaai;
(*d*) persele, voertuie of diere skoonmaak;
(*e*) vuurmaak, of vuilgoed of as verwyder;
(*f*) bakke, panne, kiste, blikke, masjiene, gereedskap, skoorstene, skoorsteenpype, en roetkiste, smeer, of vir gebruik gereedmaak, of was of skoonmaak;
(*g*) neute skoonmaak en/of sorteer;
(*h*) vrugte skoonmaak en/of die pitte uithaal;
(*i*) suiker klits vir gebruik deur 'n banketbakker;
(*j*) 'n diere-voertuig bestuur en daarmee brood en/of banket by 'n spoorwegstasie of by sy werkgewer se eie takbesigheid of -winkel aflewer;
(*k*) brood en/of banket te voet of per fiets, of met of deur gebruik van 'n handvoertuig, aflewer;

„bak" die maak en bak van brood met inbegrip van rondebroodjies en sierbrood;

„bakker" 'n werknemer (behalwe 'n voormanbakker of assistent-voormanbakker of vakleerling) wat deeg met die hand of met 'n masjien maak, vorm, meng of hanteer, en/of deeg of brood bak;

„voormanbakker" 'n bakker wat minstens 5 jaar ervaring het as vakleerling, of andersins, en toesig het oor die maak of bak van brood in 'n bakkery gedurende die hele skof waarin hy werk;

'n werkgewer wat gedurende 'n hele skof werklik in sy bakkery werk en toesig het oor die maak en bak van brood daarin, kan vir sodanige skof as 'n voormanbakker in daardie bakkery beskou word;

„assistent-voormanbakker" 'n bakker wat toesig het oor, of aangesê word om toesig te hou oor, die maak of bak van brood in 'n skof waarin hy in die afwesigheid van die voormanbakker werk;

„banketbakker" 'n werknemer (behalwe 'n vakleerling of banketbakkershulp) wat banket opmaak, versier, bak of kook;

„banketbakkershulp" 'n vroulike werknemer wat uitsluitlik werk doen in verband met die versiering en/of verpakking van banket;

(*g*) cleaning and/or sorting nuts;
(*h*) cleaning and/or stoning fruit;
(*i*) beating up sugar for use by a confectioner;
(*j*) driving an animal-drawn vehicle and delivering therefrom bread and/or confectionery to a railway station or to his employer's own branch establishment or shop;
(*k*) delivering bread and/or confectionery on foot or on a cycle or with or using a hand-propelled vehicle;

"monthly employee" means an employee who is paid by the month;

"packer" means an employee who is in charge of or is the sole employee engaged in the receiving, checking, assembling or packing of bread and/or confectionery for despatch or delivery;

"vanman" means an employee who is in charge of or accompanies a vehicle (other than a cycle or a hand-propelled vehicle) and who is in charge of the delivery therefrom of bread and/or confectionery but does not include an employee engaged exclusively in the delivery of bread and/or confectionery from an animal-drawn vehicle to a railway station or to his employer's own branch establishment or shop;

"wage" means a weekly or monthly wage;

"weekly employee" means an employee who is paid by the week and shall be deemed to include every employee other than a jobber or an employee who is engaged by the month or for some longer period than a month.

### 3. Wages and Remuneration.

(1) The minimum wage that shall be paid per week to weekly employees shall be as follows:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (*a*) Foreman baker | £6 | 0 | 0 |
| (*b*) Assistant foreman baker | 5 | 5 | 0 |
| (*c*) Baker | 3 | 0 | 0 |
| (*d*) Confectioner | 5 | 0 | 0 |
| (*e*) Confectioner's assistant | 2 | 0 | 0 |
| (*f*) Packer, vanman in charge of motor vehicle, driver of motor vehicle | 4 | 0 | 0 |
| (*g*) Vanman in charge of vehicle other than a motor vehicle | 3 | 0 | 0 |
| (*h*) Apprentice— | | | |
| During first six months | 1 | 0 | 0 |
| With an increase every six months during five years of | 0 | 6 | 0 |
| (*i*) Labourer | 1 | 4 | 0 |
| (*j*) Assistant to vanman or driver | 0 | 17 | 6 |
| (*k*) Any employee not otherwise specified | 3 | 0 | 0 |

(2) A jobber shall be paid not less than 3s. per hour with a minimum of 12s. for any day in which he is employed.

(3) A monthly employee shall be paid not less than four and one-third times the weekly wage herein prescribed for a weekly employee doing the same class of work.

(4) An employee employed on piecework shall be paid the full amount earned by him at the piecework rates under which he is working, but in no case shall he, whether he shall have earned so much or not, be paid less than the minimum wage prescribed for a time worker doing the same class of work.

### 4. Payment of Wages and Rates.

(1) All wages and rates shall become due and be paid in cash monthly to a monthly employee or weekly to a weekly employee or on termination of service if this takes place before the ordinary pay day of the employee.

(2) No employee shall be required as part of his contract of service to board or lodge with his employer or at any place nominated by him, or to purchase any goods from him. An employee who agrees to accept board or lodging or both from his employer shall not be required to pay more per week than 5s. for board and lodging or 3s. for board only or 2s. for lodging only.

(3) No premium shall be charged or accepted for the training of an employee.

(4) No fines shall be made against an employee and no deductions of any description shall be made from an employee's wages and rates other than the following:—

(*a*) When an employee through no fault of his employer is absent from work his employer may deduct from his wage for each completed hour of such absence an amount equal to his hourly wage.
(*b*) With the written consent of the employee deductions may be made for holiday, sick, insurance, provident or pension funds;
(*c*) An employer may deduct from the wages and rates of an employee who agrees to board and/or lodge with him an amount not exceeding the amount provided for in sub-section (2) of this section.

### 5. Hours of Work and Overtime.

(1) Without the prior written consent of an inspector no employee shall sell, hand over, deliver and/or dispatch bread and/or confectionery to any person not an employee in the bakehouse—

(*a*) on a Sunday;
(*b*) on a Saturday before the hour of 3 a.m. or after 3 p.m.; or
(*c*) on any other day before the hour of 4 a.m. or after 2 p.m.

„ loon" 'n weeklikse of maandelikse loon;
„ loswerker" 'n bakker en/of banketbakker wat in enige week vir hoogstens sestien uur by een werkgewer werk;
„ inspekteur" 'n inspekteur van die Departement van Arbeid;
„ karryer" 'n werknemer wat toesig het oor 'n voertuig of 'n voertuig (behalwe 'n fiets of 'n handvoertuig) vergesel, en toesig het oor die aflewering van brood en/of banket met so 'n voertuig; maar nie 'n werknemer wat uitsluitlik brood en/of banket met 'n dierevoertuig by 'n spoorwegstasie of by sy werkgewer se eie takbesigheid of -winkel aflewer nie;
„ uurloon", die ag-en-veertigste deel van die voorgeskrewe weeklikse loon van 'n werknemer, behalwe van 'n loswerker;
„ vakleerling" 'n werknemer wat opgelei word in die bak en/of maak van banket, en deur 'n vakleerlingskontrak ooreenkomstig hierdie vasstelling verbind is;
„ verpakker" 'n werknemer wat toesig het oor, of die enigste werknemer is by, die ontvangs, nasien, versameling of verpakking van brood en/of banket wat weggestuur of algelewer moet word;
„ werknemer by die maand" 'n werknemer wat maandeliks betaal word;
„ werknemer by die week" 'n werknemer wat weekliks betaal word, met inbegrip van alle werknemers, behalwe loswerkers of werknemers wat by die maand of vir 'n langer tydperk as 'n maand in diens geneem word.

### 3. Loon en Besoldiging.

(1) Die onderstaande minimum lone moet weekliks aan werknemers by die week betaal word:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (*a*) Voormanbakker | £6 | 0 | 0 |
| (*b*) Assistent-voormanbakker | 5 | 5 | 0 |
| (*c*) Bakker | 3 | 0 | 0 |
| (*d*) Banketbakker | 5 | 0 | 0 |
| (*e*) Banketbakkershulp | 2 | 0 | 0 |
| (*f*) Verpakker, karryer wat toesig het oor 'n motorvoertuig, bestuurder van 'n motorvoertuig | 4 | 0 | 0 |
| (*g*) Karryer wat toesig het oor 'n voertuig, behalwe 'n motorvoertuig | 3 | 0 | 0 |
| (*h*) Vakleerling— | | | |
| vir eerste ses maande | 1 | 0 | 0 |
| met elke ses maande gedurende vyf jaar 'n verhoging van | 0 | 6 | 0 |
| (*i*) Arbeider | 1 | 4 | 0 |
| (*j*) Handlanger van karryer of voertuigbestuurder | 0 | 17 | 6 |
| (*k*) Alle werknemers nie elders gespesifiseer nie | 3 | 0 | 0 |

(2) Aan 'n loswerker moet minstens 3s. per uur betaal word met 'n minimum van 12s. vir elke dag wat hy in diens is.

(3) Aan 'n werknemer by die maand moet minstens vier en een-derde maal die weeklikse loon hierin vasgestel vir 'n werknemer by die week, wat dieselfde klas werk verrig, betaal word.

(4) Die volle bedrag verdien deur 'n werknemer op stukwerk, teen die stukloon waarvoor hy werk, moet aan hom betaal word, maar nooit mag aan hom minder betaal word as die minimum loon voorgeskryf vir 'n tydloonwerker wat dieselfde klas werk verrig, of hy soveel verdien het of nie.

### 4. Betaling van Tyd- en Stuklone.

(1) Alle tyd- en stuklone is maandeliks aan werknemers by die maand en weekliks aan werknemers by die week, of by diensbeëindiging (as dit voor die werknemers se gewone betaaldag val) verskuldig en in kontant betaalbaar.

(2) Geen werknemer kan verplig word om as deel van sy dienskontrak by die werkgewer, of by 'n plek deur die werkgewer aangewys, te eet of in te woon, of om by die werkgewer goedere te koop nie. Maar as 'n werknemer instem om by 'n werkgewer te eet of in te woon, of te eet en in te woon, kan hy nie verplig word om per week meer as 5s. vir kos en inwoning of 3s. vir kos alleen of 2s. vir inwoning alleen, te betaal nie.

(3) Vir die opleiding van 'n werknemer mag geen premie bereken of aangeneem word nie.

(4) Geen boetes mag aan 'n werknemer opgelê word nie, en geen bedrae van watter aard ookal mag van 'n werknemer se tyd- of stukloon afgetrek word nie, behalwe in onderstaande gevalle:—

(*a*) Wanneer 'n werknemer sonder sy werkgewer se toedoen van sy werk afwesig is, mag sy werkgewer van sy loon 'n pro rata bedrag vir die duur van sodanige afwesigheid aftrek;
(*b*) met skriftelike toestemming van die werknemer kan daar vir vakansie-, siekte-, versekerings-, ondersteunings- en pensioenfondse bedrae afgetrek word;
(*c*) van die tyd- en stukloon van 'n werknemer, wat instem om by die werkgewer te eet en/of in te woon, mag die werkgewer nie meer aftrek as die bedrag in subartikel (2) van hierdie artikel gespesifiseer nie.

### 5. Werkure en Oortyd.

(1) Sonder voorafgaande skriftelike toestemming van 'n inspekteur mag geen werknemer—

(*a*) op 'n Sondag;
(*b*) op 'n Saterdag voor 3 v.m. of na 3 n.m.; of
(*c*) op enige ander dag voor 4 v.m. of na 3 n.m.,

Such written consent shall for such work on Sunday be valid only for special contract work, shipping orders or deliveries to a railway station.

(2) For all employees other than vanmen or drivers or employees employed in delivering bread and/or confectionery the minimum wages prescribed in this determination are for the usual working time in the establishment in which the employee is employed not exceeding 48 hours in any one week comprising not more than six working days.

(3) A vanman or driver or employee employed in delivering bread and/or confectionery and who is required to work for more than 10 hours on any one day and any other employee who is required to work on any day or in any week in excess of the number of working hours limited for such day or for a week by the Factories Act, 1918, shall for each hour or part of an hour so worked be paid, if on time work, not less than one and one-quarter times his hourly wage or, if on piecework, not less than one and one-quarter times his piecework remuneration.

(4) Nothing in this determination shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any employee during any hours or on any day in which employment of such employee is prohibited under that Act.

(5) No employee may be employed in any establishment which is not a factory during any hours or on any days in which it would, under the provisions of the Factories Act, be unlawful to employ such employee if the establishment were a factory.

(6) The provisions of this section shall not affect employees to whom, in terms of section *twenty-seven* of the Factories Act, the restrictions under that Act in respect of place or hours of work or holidays do not apply.

### 6. Time-table.

Each employer shall in each week before 10 a.m. on Monday exhibit in a conspicuous place in his establishment a time-table signed by him or his representative showing the days and ordinary working hours on and during which each of his employees is to work during the succeeding seven days and shall keep it continuously exhibited during that period.

### 7. Proportion or Ratio of Employees.

For every two employees who are either foreman bakers, assistant foreman bakers, and/or confectioners there may be employed not more than one apprentice.

### 8. Apprentices.

(1) A contract of apprenticeship shall as far as possible be in the form prescribed in the regulations framed from time to time under the Apprenticeship Act, 1922, and shall comply with the conditions specified in this determination and be recorded by the employer with the Inspector of Apprenticeship.

(2) Nothing in this determination shall affect any contract of apprenticeship entered into prior to the date of the commencement of this determination and such contract shall remain in force as if this determination had not been made.

(3) Any person who is medically fit and is legally exempted from school attendance, or, if there is no compulsory school attendance law applicable to him, any such person who has passed the age of 14 years may, if an adult, bind himself, and, if a juvenile, with the assistance of his parent or guardian, or in the absence of a parent or guardian, with the assistance of a magistrate, bind himself as an apprentice to be trained in the baking of bread and/or the making of confectionery; provided that no person shall so bind himself, if, prior to the termination of the contract of apprenticeship, he would be over the age of 26 years.

(4) The period of apprenticeship shall be five years, provided that in the case of an employee who has, without any written contract of apprenticeship, been regularly employed in the baking of bread and/or the making of confectionery the whole or portion of the period during which he was so employed may, if the Inspector of Apprenticeship approves, be reckoned as part of the period of apprenticeship, and provided further that a contract of apprenticeship may within a period of four months from the date of its commencement be terminated by the employer or by the apprentice assisted by his parent or guardian or a magistrate. Such contract shall however not be deemed to be so terminated unless and until the Inspector of Apprenticeship shall have received notice of the termination of the contract from the party terminating it.

(5) The employer shall submit any proposed contract of apprenticeship to the Inspector within whose area of jurisdiction is situated the establishment at which the apprentice is to be trained.

(6) The Inspector of Apprenticeship may refuse to record a contract of apprenticeship if he is not satisfied that it is for the benefit of the employee or that proper provision exists for his adequate training.

(7) A contract of apprenticeship may be cancelled by the Inspector of Apprenticeship—

(*a*) if all parties consent thereto in writing;
(*b*) on good and sufficient reason being shown by the employer, the apprentice, or the apprentice's parent or guardian.

brood en/of banket aan 'n persoon, wat nie 'n werknemer in die bakkery is nie, verkoop, oorhandig, aflewer en/of wegstuur nie.

Skriftelike toestemming vir sodanige werk op Sondag is slegs geldig in die geval van spesiale kontrakwerk, skeepsbestellings of aflewerings by 'n spoorwegstasie.

(2) Die minimum lone in hierdie vasstelling voorgeskryf vir alle werknemers behalwe karryers of voertuigbestuurders of werknemers werksaam in verband met die aflewering van brood en/of banket is ten opsigte van die gewone werktyd in die inrigting waar die werknemer vir hoogstens 48 uur in enige week van hoogstens ses werkdae in diens is.

(3) Aan 'n karryer of voertuigbestuurder wat werksaam is in verband met die aflewering van brood en/of banket, en wat op enige dag langer as 10 uur moet werk, en aan enige ander werknemer wat op enige dag of in enige week langer moet werk as die getal werkure wat by die Fabriekswet, 1918, vir sodanige dag of vir 'n week vasgestel is, moet vir elke uur of deel van 'n uur aldus gewerk, ingeval hy 'n tydwerker is, minstens een en een-kwartmaal sy uurloon, of, as hy stukwerker is, minstens een en een-kwartmaal sy stukwerkbesoldiging betaal word.

(4) Niks in hierdie vasstelling dien ter wettiging van 'n vermeerdering van die maksimum getal werk- en oortydure kragtens die Fabriekswet, 1918, toegelaat, of van die handeling van 'n werkgewer wat 'n werknemer laat werk op ure of op dae waarop so'n persoon kragtens daardie Wet nie mag werk nie.

(5) In 'n inrigting, wat nie 'n fabriek is nie, mag geen werkgewer 'n werknemer laat werk gedurende ure, of op dae waarop dit kragtens die bepalings van die Fabriekswet, 1918, onwettig sou wees om so'n werknemer te laat werk indien die inrigting 'n fabriek is.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op werknemers wat kragtens artikel *sewe-en-twintig* van die Fabriekswet, 1918, nie aan die bepalings van daardie Wet betreffende die werkplek of werkure of vakansiedae onderworpe is nie.

### 6. Tydtafel.

Elke werkgewer moet elke week op Maandag voor 10 v.m. 'n tydtafel, deur hom of sy verteenwoordiger geteken, op 'n in die oogvallende plek vertoon. Die tydtafel moet die werkdae en -ure vir elkeen van sy werknemers gedurende die daaropvolgende sewe dae aangee, en gedurende daardie tydperk voortdurend vertoon word.

### 7. Verhouding van Werknemers.

Vir elke twee werknemers wat voormanbakkers, assistent-voormanbakkers, en/of banketbakkers is, mag daar hoogstens een vakleerling geëmplojeer word.

### 8. Vakleerlinge.

(1) 'n Vakleerlingskontrak moet sover moontlik in die vorm wees soos voorgeskryf by regulasies wat van tyd tot tyd ingevolge die „Vakleerlingen Wet, 1922", opgestel word, en moet voldoen aan die voorwaardes in hierdie vasstelling vervat, en deur die werkgewer by die Inspekteur van Vakleerlingskap geregistreer word.

(2) Niks in hierdie vasstelling is van toepassing op 'n vakleerlingskontrak voor die aanvangsdatum van hierdie vasstelling aangegaan nie, en so'n kontrak bly van krag asof hierdie vasstelling nie gemaak was nie.

(3) 'n Persoon, wat geneeskundig geskik en wetlik bevoegd is, kan homself verbind, en 'n persoon wat geneeskundig geskik en wetlik van skoolbesoek vrygestel is, of, as hy aan geen wet insake verpligte skoolbesoek onderworpe is nie, die ouderdom van 14 jaar bereik het, kan hom, indien 'n jeugdige persoon, met bystand van sy ouer of voog, of by ontstentenis van 'n ouer of voog, met bystand van 'n magistraat, verbind as vakleerling in die bak van brood en/of die maak van banket; met dien verstande, dat geen persoon hom aldus mag verbind nie as hy, voor die voltooiing van die vakleerlingskontrak, bo die ouderdom van 26 jaar sal wees.

(4) Die termyn van vakleerlingskap is vyf jaar, met dien verstande dat, in die geval van 'n werknemer wat sonder 'n skriftelike vakleerlingskontrak gereeld werksaam was in verband met die bak van brood en/of die maak van banket die tyd wat hy aldus in diens was, met toestemming van die Inspekteur van Vakleerlingskap, geheel of gedeeltelik beskou kan word as deel van die tydperk van vakleerlingskap; en verder met dien verstande dat, 'n vakleerlingskontrak binne 'n termyn van vier maande vanaf sy aanvangsdatum deur die werkgewer, of deur die vakleerling, bygestaan deur sy ouer of voog of deur 'n magistraat, opgesê kan word. So'n kontrak verval egter nie tensy en totdat daarvan aan die Inspekteur van Vakleerlingskap, deur die party wat dit beëindig, skriftelik kennis gegee is.

(5) Die werkgewer moet elke voorgestelde vakleerlingskontrak voorlê aan die Inspekteur belas met toesig oor die gebied waar die inrigting, waarin die vakleerling opgelei moet word, geleë is.

(6) Die Inspekteur van Vakleerlingskap kan weier om 'n vakleerlingskontrak aan te teken as hy nie oortuig is nie dat dit tot voordeel van die werknemer is of dat daar behoorlike voorsiening vir doeltreffende opleiding bestaan.

(7) 'n Vakleerlingskontrak kan deur die Inspekteur van Vakleerlingskap gekanselleer word—

(*a*) as al die partye skriftelik daarmee instem;
(*b*) wanneer goeie en genoegsame rede deur die werkgewer of vakleerling, of ouer of voog van die vakleerling, aangevoer word.

(8) If, owing to the death or insolvency of the employer or for any reason satisfactory to the Inspector of Apprenticeship, the terms of the contract cannot be fulfilled or if the parties to the contract agree the contract may, subject to the approval of the Inspector of Apprenticeship, be transferred to another employer.

9. PERSONS UNDER THE AGE OF FOURTEEN YEARS.

No person under the age of 14 years shall be employed in the baking and/or confectionery trade or in the packing, despatch or delivery of bread and/or confectionery.

10. ANNUAL LEAVE.

(1) Each employee shall be given in each year of his service with the same employer leave of absence on full pay for twelve working days. The employer shall fix the time when such leave shall be taken but if he shall not have granted to his employee his period of leave at an earlier date such leave shall be granted within two months after the termination of each year's service.

(2) An employee who in any year is employed by the same employer for more than one month but for less than a year shall, on the termination of his service for each completed month of such service, be paid in lieu of such leave his daily wage for one day.

(3) An employer may deduct from the number of days which his employee is entitled to have as leave on full pay in terms of sub-sections (1) and (2) of this section any day, whether a public holiday or not, on which leave of absence on full pay has been given or for which the employee has been paid in lieu of leave.

(4) For the purposes of this section in respect of an employee whose service has been broken, otherwise than by leave of absence on full pay, 300 days' service shall be deemed to constitute a year and 25 days' service a month.

11. TERMINATION OF SERVICE.

(1) Not less than one week's notice in the case of a weekly employee or one month's notice in the case of a monthly employee shall be given by the employer or employee to terminate his contract of service, such notice to run from the ordinary pay day of the employee. This section shall not affect—

(*a*) the right of the employer or employee to terminate the contract of service without notice for any good cause recognized by law as sufficient;

(*b*) any agreement between an employee and an employer which provides for a period of notice longer than one week.

(2) An employee whose period of service with his employer has not exceeded two weeks may terminate or have his service terminated without notice.

F. A. W. LUCAS (*Chairman*).
A. C. VAN DER HORST (*Member*).
T. G. STRACHAN (*Member*).

J. H. LEWIS (*Secretary*).
Pretoria, 28th September, 1933.

---

✱No. 1674.] [8th December, 1933.

## APPRENTICESHIP ACT, 1922, AS AMENDED BY ACT No. 22 OF 1930.

## CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

## WITWATERSRAND AND PRETORIA DENTAL MECHANICIANS' APPRENTICESHIP COMMITTEE.

I, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of sub-section (1) of section *thirteen* of Act No. 26 of 1922, as amended by section *eight* of Act No. 22 of 1930, read with section *fifteen* of Act No. 26 of 1922, as amended by section *ten* of Act No. 22 of 1930, and after consultation with the Apprenticeship Committee concerned, hereby prescribe in the areas for which the Committee so consulted was established, the provisions appearing in the Schedule hereto as provisions in respect of apprenticeship in the trade in the Industry of Dental Mechanician designated by me as a trade in the Industry of Dental Mechanician to which the provisions of Acts No. 26 of 1922, No. 15 of 1924, and No. 22 of 1930 in respect of apprenticeship, shall apply.

A. P. J. FOURIE,
Minister of Labour.

### SCHEDULE.

1. PERIOD OF APPRENTICESHIP.

Except in cases where a reduction of the period is approved by the Inspector, the period of apprenticeship shall be five years.

2. NUMBER OF APPRENTICES.

No employer shall employ more apprentices than he is able to train efficiently to the satisfaction of the Minister, after consultation with the Committee.

(8) Wanneer weens dood of insolvensie van die werkgewer, of om enige rede wat die Inspekteur van Vakleerlingskap bevredig, die voorwaardes van die kontrak nie nagekom kan word nie; of as die partye tot die kontrak wedersyds daarin toestem, kan die kontrak, onderworpe aan die goedkeuring van die Inspekteur van Vakleerlingskap, aan 'n ander werkgewer oorgedra word.

9. PERSONE ONDER VEERTIEN JAAR.

In die bakkers en/of banketbedryf of in verband met die verpakking, wegstuur of aflewering van brood en/of banket, mag geen persoon onder die ouderdom van 14 jaar geëmplojeer word nie.

10. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Aan elke werknemer moet vir elke jaar diens by een werkgewer afwesigheidsverlof vir twaalf werkdae teen volle loon toegestaan word. Die werkgewer moet die tyd, wanneer sodanige verlof geneem moet word, vasstel, maar tensy hy aan 'n werknemer sy verloftydperk op 'n vroeër datum toegestaan het, moet die verlof binne twee maande na beëindiging van elke jaar diens toegestaan word.

(2) Aan 'n werknemer wat in enige jaar deur een werkgewer vir meer as 'n maand maar minder as 'n jaar geëmplojeer word, moet by diensbeëindiging vir elke voltooide maand van sodanige diens in die plek van verlof sy dagloon vir een dag betaal word.

(3) Van die getal dae waarop sy werknemer kragtens subartikels (1) en (2) van hierdie artikel as verlof teen volle betaling geregtig is, kan 'n werkgewer enige dag, of dit 'n openbare feesdag is of nie, waarop afwesigheidsverlof teen volle betaling toegestaan was, of waarop die werknemer in die plek van verlof betaal is, aftrek.

(4) In die toepassing van hierdie artikel op 'n werknemer wie se diens onderbroke was, behalwe by wyse van afwesigheidsverlof teen volle betaling, word beskou dat 300 dae diens 'n jaar en 25 dae diens 'n maand is.

11. DIENSBEËINDIGING.

(1) Om die dienskontrak te beëindig, moet in die geval van 'n werknemer by die maand minstens een maand, en in die geval van 'n werknemer by die week minstens een week diensopsegging deur die werkgewer of werknemer gegee word. Diensopsegging gaan in op die gewone betaaldag van die werknemer. Hierdie artikel maak geen inbreuk op—

(*a*) die reg van werkgewer of werknemer om die dienskontrak weens enige goeie rede wat deur die Wet as voldoende erken word, sonder diensopsegging te beëindig;

(*b*) enige ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer waarby vir 'n langer tydperk van diensopsegging as een week voorsiening gemaak is.

(2) Die diens van 'n werknemer wie se dienstyd by sy werkgewer twee weke nie te bowe gaan nie, kan wedersyds sonder diensopsegging beëindig word.

F. A. W. LUCAS (*Voorsitter*),
A. C. VAN DER HORST (*Lid*),
T. G. STRACHAN (*Lid*).

J. H. LEWIS (*Sekretaris*).
Pretoria, 28 September 1933.

---

✱ No. 1674.] [8 Desember 1933.

## „ VAKLEERLINGEN WET, 1922", SOOS GEWYSIG BY WET No. 22 VAN 1930.

## VAKLEERLINGSKAPVOORWAARDES.

## VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR TANDWERKTUIGKUNDIGES, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Ek, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *dertien* van Wet No. 26 van 1922, soos gewysig by artikel *agt* van Wet No. 22 van 1930, vertolk in verband met artikel *vyftien* van Wet No. 26 van 1922, soos gewysig by artikel *tien* van Wet No. 22 van 1930, en na oorleg met die betrokke Vakleerlingskapkomitee, gee hierby kennis dat ek, in die gebiede waarvoor die aldus geraadpleegde Komitee aangestel is, die bepalings, wat verskyn as 'n Skedule hiervan, voorskryf as bepalings ten opsigte van vakleerlingskap in die vak in die Tandwerktuigkunde deur my aangewys as 'n vak in die Tandwerktuigkunde, waarop die bepalings van Wette No. 26 van 1922, No. 15 van 1924 en No. 22 van 1930, betreffende vakleerlingskap, van toepassing is.

A. P. J. FOURIE,
Minister van Arbeid.

### SKEDULE.

1. VAKLEERLINGSKAPTERMYN.

Behalwe in daardie gevalle waar die Inspekteur 'n verkorting van die termyn toestaan, is die vakleerlingskaptermyn vyf jaar.

2. AANTAL VAKLEERLINGE.

Geen werkgewer mag meer vakleerlinge in diens neem nie as wat hy tot bevrediging van die Minister, na oorleg met die Komitee, doeltreffend kan oplei.

3. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

Except in cases where exemption is granted by the Inspector, the minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be sixteen years and the passing of Standard VII, respectively.

4. RATES OF WAGES.

The following rates of wages shall be payable monthly to apprentices during the years specified while serving their apprenticeship:—

| | Per Month. |
|---|---|
| First year | £4 0 0 |
| Second year | 6 0 0 |
| Third year | 8 0 0 |
| Fourth year | 10 0 0 |
| Fifth year | 14 0 0 |

✱ No. 1675.] [8th December, 1933.

APPRENTICESHIP ACT, 1922, AS AMENDED BY ACT No. 22 OF 1930.

DESIGNATION OF A TRADE.

WITWATERSRAND AND PRETORIA DENTAL MECHANICIANS' APPRENTICESHIP COMMITTEE.

I, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *fifteen* of Act No. 26 of 1922, as amended by section *ten* of Act No. 22 of 1930, and after consultation with the Apprenticeship Committee concerned, hereby designate, in accordance with section *one* of Act No. 26 of 1922, as amended by section *one* of Act No. 22 of 1930, in the Magisterial Districts of Krugersdorp, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, and Pretoria, for which the Committee so consulted was established, the undermentioned trade in the Industry of Dental Mechanician, to which the provisions of Acts No. 26 of 1922, No. 15 of 1924, and No. 22 of 1930, in respect of apprenticeship, shall apply.

A. P. J. FOURIE,
Minister of Labour.

C. 1001/46/2.

*Designated Trade.*

Dental Mechanician.

✱ No. 1677.] [8th December, 1933.

WAGE ACT.

CATERING TRADE.

I, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (5) of section *seven* of the Wage Act, 1925, as amended, suspend from the 18th December, 1933, to the 17th December, 1934, in the municipal area of Johannesburg, the Determination relating to the Catering Trade published under Government Notice No. 548 of the 2nd April, 1931, in the *Gazette* of that date.

A. P. J. FOURIE,
Minister of Labour.

C. 1069/53.

✱ No. 1678.] [8th December, 1933.

GOVERNMENT NOTICE UNDER SECTION *NINE* OF THE INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1924, AS AMENDED.

TEA ROOM AND RESTAURANT TRADE, JOHANNESBURG.

I, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister of Labour, being satisfied that the parties to the Agreement appearing as a Schedule hereto are sufficiently representative of the Tea Room and Restaurant Trade in the area specified hereunder hereby, in terms of sub-section (1) (*b*) of section *nine* of the Industrial Conciliation Act, 1924, as amended, publish the said Agreement [a statement of the terms of which has been transmitted to me by the Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg)] and declare that from the 18th December, 1933, and for the period ending the 17th December, 1934, the terms of the said Agreement shall be binding upon the parties thereto and upon the employers and employees represented upon the said Industrial Council, and the terms of sections 1 to 4 (inclusive), sub-sections (1), (2), (3), (5), (6), (7), (8), (9), and (10) of section 5, sections 6 to 15 (inclusive), sub-section (1) of section 18, and section 20 thereof shall be binding upon all employers and employees in the Tea Room and Restaurant Trade in the Municipal area of Johannesburg.

A. P. J. FOURIE,
Minister of Labour.

(L.C. 1058/32.)

*Attention is drawn to—*

(a) *Act No.* 24 *of* 1930, *in terms of which Wage and other Records must be kept;*

(b) *Act No.* 11 *of* 1924, *as amended, which makes it unlawful to declare or take part in a strike or lock-out during the currency of an agreement.*

3. AANVANGSKWALIFIKASIES VIR VAKLEERLINGSKAP.

Behalwe in daardie gevalle waar die Inspekteur vrystelling verleen, is die minimum ouderdoms- en onderwyskwalifikasies vir die aanvang van vakleerlingskap, onderskeidelik sestien jaar en Standerd VII.

4. LOONSKALE.

Aan vakleerlinge moet gedurende hul vakleerlingskaptermyn in die gespesifiseerde jare die navolgende lone maandeliks betaal word:—

| | Per Maand. |
|---|---|
| Eerste jaar | £4 0 0 |
| Tweede jaar | 6 0 0 |
| Derde jaar | 8 0 0 |
| Vierde jaar | 10 0 0 |
| Vyfde jaar | 14 0 0 |

✱ No. 1675.] [8 Desember 1933.

„ VAKLEERLINGEN WET, 1922", SOOS GEWYSIG BY WET No. 22 VAN 1930.

AANWYSING VAN 'N VAK.

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR TANDWERKTUIGKUNDIGES, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Ek, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *vyftien* van Wet No. 26 van 1922, soos gewysig by artikel *tien* van Wet No. 22 van 1930, en na oorleg met die betrokke Vakleerlingskapkomitee, wys hierby aan kragtens artikel *een* van Wet No. 26 van 1922, soos gewysig by artikel *een* van Wet No. 22 van 1930, in die Magistraatsdistrikte Krugersdorp, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Pretoria, waarvoor die aldus geraadpleegde Komitee aangestel is, die hierondervermelde vak in die Tandwerktuigkunde, waarop die bepalings van Wette No. 26 van 1922, No. 15 van 1924, en No. 22 van 1930, betreffende vakleerlingskap, van toepassing is.

A. P. J. FOURIE,
Minister van Arbeid.

C.1001/46/2.

*Aangewese Vak.*

Tandwerktuigkundige.

✱ No. 1677.] [8 Desember 1933

LOONWET.

VERVERSINGSBEDRYF.

Ek, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister van Arbeid, skors hierby, ingevolge subartikel (5) van artikel *sewe* van die Loonwet 1925, soos gewysig, die vasstelling betreffende die verversingsbedryf, wat in Goewermentskennisgewing No. 548 van 2 April 1931 in die *Staatskoerant* van daardie datum gepubliseer is, vanaf 18 Desember 1933 tot 17 Desember 1934 in die munisipale gebied Johannesburg.

A. P. J. FOURIE,
Minister van Arbeid.

✱ No. 1678.] [8 Desember 1933.

GOEWERMENTSKENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL *NEGE* VAN DIE „ NIJVERHEID VERZOENINGS WET, 1924", SOOS GEWYSIG.

TEEKAMER- EN RESTOURANTBEDRYF, JOHANNESBURG.

Ek, ADRIAN PAULUS JOHANNES FOURIE, Minister van Arbeid, publiseer hierby, in die oortuiging dat die partye by die Ooreenkoms wat verskyn as 'n skedule hiervan, die Teekamer- en Restourantbedryf in die hieronder bepaalde gebied in voldoende mate verteenwoordig, die genoemde Ooreenkoms [van die bepalings waarvan die „ Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg)" my 'n uiteensetting gestuur het] ingevolge subartikel (1) (*b*) van artikel *nege* van die „ Nijverheid Verzoenings Wet, 1924", soos gewysig, en verklaar ingevolge genoemde artikel dat, vanaf 18 Desember 1933 en vir die termyn wat eindig op 17 Desember 1934 die bepalings van genoemde Ooreenkoms bindend is op die partye daarby en op die werkgewers en arbeiders wat op genoemde „ Industrial Council" verteenwoordig is, en dat die bepalings van artikels 1 tot en met 4, subartikels (1), (2), (3), (5), (6), (7), (8), (9) en (10) van artikel 5, artikels 6 tot en met 15, subartikel (1) van artikel 18 en artikel 20 daarvan bindend is op alle werkgewers en arbeiders in die Teekamer- en Restourantbedryf in die munisipale gebied Johannesburg.

A. P. J. FOURIE,
Minister van Arbeid.

*Die aandag word gevestig op—*

(a) *Wet No.* 24 *van* 1930, *ingevolge waarvan loon- en ander rekords gehou moet word;*

(b) *Wet No.* 11 *van* 1924, *soos gewysig, waarby dit onwettig is om gedurende die termyn waarvoor 'n Ooreenkoms bindend gemaak is 'n staking of uitsluiting uit te roep of daaraan deel te neem.*

## SCHEDULE.

### THE INDUSTRIAL COUNCIL OF THE TEA ROOM AND RESTAURANT TRADE (JOHANNESBURG).

### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1924, made and entered into by and between the

Tea Room and Restaurant Proprietors' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organization") of the one part, and

The Witwatersrand and Pretoria Tea Room Employees' Union (hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union") of the other part,

being parties to the Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg).

1. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of sub-section (1) of section *nine* of the Act, and shall remain in force for two years or for such period as may be determined by him.

2. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the municipal area of Johannesburg by all employers and employees in the Tea Room and Restaurant Trade who are members of the employers' organization and the trade union.

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Act shall have the same meanings as in that Act; any reference to an Act shall include any amendment of such Act, and, unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1924;
"casual hand" means an employee engaged by the hour on duties ordinarily performed by a waiter;
"cook" means an employee, other than a pantry-hand, engaged in the preparation of meals in which meat and/or fish and/or vegetables are served;
"Council" means the Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg), registered in terms of section *two* of the Act;
"cashier" means an employee, other than a counterhand, engaged in the taking of cash in an establishment;
"counterhand" means an employee engaged on or in charge of a counter, who takes cash and/or sells goods and/or serves liquid refreshments;
"establishment" means any place in or in connection with which one or more persons are employed in the tea room and restaurant trade;
"experience" means the period or periods of employment in any particular class of work in the tea room and restaurant trade;
"floorwalker" or "supervisor" means an employee engaged in the showing of customers to seats and generally supervising the service to customers;
"general assistant" means an employee engaged exclusively in one or more of the following occupations:—
Cleaning premises, furniture or utensils, making and maintaining fires, removing refuse, boiling water, plucking poultry or cleaning fish, peeling or paring vegetables and carrying utensils";
"linen attendant" means an employee in charge of and responsible for all soiled and unsoiled linen, towels, d'oylies, and articles of a like nature, ordinarily used in a tea room and/or restaurant, and whose time is mainly occupied in the checking and/or repairing, and/or darning, and/or sewing of such articles;
"manager" means an employee engaged in the general supervision of the operations of a tea room and/or restaurant, who is in charge of other employees and is substantially present during the usual hours of business of the establishment;
"pantryhand" means an employee engaged in a kitchen or pantry on duties other than those ordinarily performed by a cook, but not excluding the preparation of ham, bacon, toast, and eggs;
"part-time employee" means an employee who is employed by the month in the occupation of a waiter, but who is not required to work for more than four hours in any one day;
"spread over" means the period in any one day from the time when an employee begins work to the time of finishing work on the same day;
"storeman" means an employee who has control of and is responsible for the issuing of stores, including grocery, confectionery, cutlery, crockery, and linen, ordinarily required in the conduct of a tea room and/or restaurant;
"theatre part-time counterhand" means an employee engaged for not more than five hours on any one day on duties similar to those of a counter-hand during the period of a performance in a theatre;

## SKEDULE.

### ,, INDUSTRIAL COUNCIL OF THE TEA ROOM AND RESTAURANT TRADE (JOHANNESBURG)."

### OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die ,, Nijverheid Verzoenings Wet, 1924", gemaak deur en aangegaan tussen die

,, Tea Room and Restaurant Proprietors' Association"

(hierin verder genoem ,, die werkgewers" of ,, die werkgewersorganisasie) ter eenre, en die

,, Witwatersrand and Pretoria Tea Room Employees' Union"

(hierin verder genoem ,, die arbeiders" of ,, die vakvereniging) ter andere,

wat die partye is by die ,, Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg)".

1. TERMYN VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms word van krag op sodanige datum as die Minister ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van die Wet mag vasstel en bly van krag vir twee jaar of vir sodanige tydperk as hy mag bepaal.

2. STREKKING VAN DIE OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die munisipale gebied Johannesburg nagekom word deur alle werkgewers en arbeiders in die teekamer- en restourantbedryf wat lede is van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging.

3. WOORDBEPALINGS.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en in die Wet omskryf is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet. By 'n verwysing na 'n Wet is ook wysigings van sodanige Wet inbegrepe en, behalwe waar die teendeel blyk, sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vroue in; en verder, tensy dit in stryd is met die samehang, beteken—

,, Wet" die ,, Nijverheid Verzoenings Wet, 1924";
,, loswerker" 'n arbeider wat by die uur in diens is in verband met werk wat gewoonlik deur 'n kelner verrig word;
,, kok" 'n arbeider, behalwe 'n spenshulp, wat werksaam is in verband met die bereiding van maaltye waarby vleis en/of vis en/of groente bedien word;
,, Raad" die ,, Industrial Council of the Tea Room and Restaurant Trade (Johannesburg)", wat ingevolge artikel *twee* van die Wet geregistreer is;
,, kassier" 'n arbeider, behalwe 'n toonbankbediende, wat in 'n inrigting in diens is om geld te ontvang;
,, toonbankbediende" 'n arbeider wat werk by, of belas is met toesig oor 'n toonbank, geld ontvang en/of goedere verkoop en/of drankverversing inskink;
,, inrigting" elke plek waarin, of in verband waarmee, een of meer persone in die teekamer- en restourantbedryf in diens is;
,, ervaring" die dienstydperk of -tydperke in verband met 'n bepaalde soort werk in die teekamer- en restourantbedryf;
,, bedieningsreelaar" of ,, opsigter" 'n arbeider in diens om vir klante sitplekke aan te wys en om oor die algemene bediening van klante toesig te hou;
,, algemene assistent" 'n arbeider wat uitsluitlik een of meer van onderstaande werksaamhede verrig—
persele, meubels of gereedskap skoonmaak, vure maak en aan die gang hou, vuilnis verwyder, water kook, pluimvee pluk of vis skoonmaak, groente skil of krap en gereedskap dra;
,, linneversorger" 'n arbeider wat sorg en verantwoordelik is vir alle skoon en vuil linne, handdoeke, doilies en artikels van dergelike aard wat gewoonlik in 'n teekamer en/of restourant gebruik word, en wat sy werkure hoofsaaklik bestee aan die nasien en/of herstel en/of naai van sodanige artikels;
,, bestuurder" 'n arbeider belas met die algemene toesig oor die werksaamhede in 'n teekamer en/of restourant en wat toesig hou oor ander arbeiders en substansieel teenwoordig is gedurende die gewone besigheidsure van die inrigting;
,, spenshulp" 'n arbeider wat in 'n kombuis of spens ander werk doen as dié wat gewoonlik deur 'n kok verrig word, maar ook ham, spekvleis, braaibrood en eiers berei;
,, deeltydse arbeider" 'n arbeider wat by die maand vir die werk van 'n kelner in diens geneem word, maar van wie nie vereis word om meer as vier uur per dag te werk nie;
,, tydverdeling" die tydvak op enige dag vandat 'n arbeider met die werk begin totdat hy vir daardie dag ophou met werk;
,, magasynier" 'n arbeider wat beheer het oor, en verantwoordelik is vir die uitreiking van voorrade met inbegrip van kruideniersware, banket, messe, breekgoed en linnegoed, wat gewoonlik in 'n teekamer en/of restourant gebruik word;
,, deeltydse skouburg-toonbankbediende" 'n arbeider wat vir hoogstens vyf uur op enige dag gedurende 'n opvoering in 'n teekamer dieselfde soort werk as 'n toonbankbediende doen;

" theatre part-time waitress " means an employee who acts as a waitress only during the interval in a theatre;
" tea room and restaurant trade " means that section of the catering trade for which the licence specified in item 20 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925, is required;
" waiter (male or female), experienced ", means an employee with not less than twelve months' experience in the tea room and restaurant trade;
" waiter (male or female), learner ", means an employee with less than twelve months' experience in the tea room and restaurant trade.

4. WAGES.

The minimum wages that shall be paid to the undermentioned classes of employees shall be as follows:—

| | *Per month.* |
|---|---|
| (i) Waiter (male or female), experienced | £8 0 0 |
| Waiter (male or female), learner— | |
| First six months' experience | 6 10 0 |
| Second six months' experience | 7 0 0 |
| No waiter shall be employed at a wage of less than £8 per month unless one waiter in receipt of £8 per month is already employed, provided, further, that at least one-half of the waiters employed in an establishment shall receive not less than £8 per month. | |
| (ii) Cashier | 8 0 0 |
| (iii) Counterhand | 8 0 0 |
| (iv) Cook | 9 0 0 |
| Provided that where a cook prepares meals for staff only, a lower wage than £9 per month may be paid, but such lower wage shall not be less than | 5 0 0 |
| | *Per hour.* |
| (v) Casual hand | £0 1 6 |
| | *Per day.* |
| with a minimum of | £0 3 6 |
| | *Per month.* |
| (vi) Floorwalker or supervisor | £8 10 0 |
| (vii) General assistant | 3 10 0 |
| (viii) Linen attendant | 8 0 0 |
| (ix) Manager | 10 0 0 |
| (x) Pantryhand | 8 0 0 |
| (xi) Part-time employee | 5 0 0 |
| (xii) Storeman | 8 0 0 |
| (xiii) Theatre part-time counterhand | 5 10 0 |
| (xiv) Theatre part-time waitress | 3 5 0 |

5. PAYMENT OF WAGES.

(1) The wages and remuneration for overtime of employees shall become due and be paid in cash monthly, and shall, in any case, be paid not later than three days after they are due, provided that if the services of an employee are terminated at any time before the usual pay-day of such employee, wages and any remuneration for overtime due to the employee shall be paid on the day of such termination, provided that any uniform which he or she may have possession of is duly returned.

(2) No employee shall be required as part of his contract of employment to lodge with the employer, or to purchase any goods from the employer. An employee who agrees to lodge with the employer or at any place nominated by the employer shall not be required or permitted to pay more than £1. 10s. per month. An employee who agrees to take any meals other than those supplied in terms of section 6 (1) of this Agreement, shall not be required to pay more than 1s. 3d. (one shilling and threepence) per meal.

(3) No deductions of any description whatsoever shall be made from or against an employee's wages otherwise than is provided in this Agreement.

(4) Should any employee be guilty of

(*a*) causing malicious damage,
(*b*) causing malicious breakages,
(*c*) gross negligence,

he shall be liable to have deducted from wages due such amount not exceeding the amount of the damage occasioned, as the Council may decide. Any such deduction shall be paid into the funds of the Council.

(5) When an employee is absent from work without the permission of the employer, a *pro rata* amount may be deducted from the employee's wages for the period of such absence.

(6) With the written consent of the employee, deductions may be made by an employer from his wages for sick, insurance, provident or pension funds.

(7) Where an employer is compelled by law or ordinances or legal processes to make payment for or on behalf of an employee, any amount so paid may be deducted from such employee's wages.

(8) *Commission.*—No employee shall be permitted to work on a commission basis only, provided that an employer may pay commission over and above the minimum scale of wages laid down.

(9) *Calculating rates of pay.*—For the purpose of calculating daily rates of wages for actual days worked in any one month, the monthly wage prescribed shall be divided by 25, and the hourly rate of pay shall be arrived at by dividing the daily rate of pay, as above, by 8.

,, deeltydse skouburg-kelnerin " 'n arbeider wat alleen gedurende die pouse as kelnerin in 'n skouburg werksaam is;
,, teekamer- en restourantbedryf " daardie gedeelte van die verversingsbedryf waarvoor die lisensie gespesifiseer in item 20 van Deel I van die Tweede Skedule van die ,, Licenties Konsolidatie Wet, 1925 ", vereis word;
,, ervare kelner (manlik of vroulik) " 'n arbeider met minstens twaalf maande ervaring in die teekamer- en restourantbedryf;
,, leerlingkelner (manlik of vroulik) " 'n arbeider met minder as twaalf maande ervaring in die teekamer- en restourantbedryf.

4. LONE.

Onderstaande minimum lone moet aan ondergenoemde klasse arbeiders betaal word:—

| | *Per maand.* |
|---|---|
| (i) Ervare kelner (manlik of vroulik) | £8 0 0 |
| Leerlingkelner (manlik of vroulik)— | |
| Eerste ses maande ervaring | 6 10 0 |
| Tweede ses maande ervaring | 7 0 0 |
| Geen kelner mag teen 'n laer tarief as £8 per maand in diens geneem word nie, tensy daar reeds een kelner teen £8 per maand in diens is, met dien verstande dat minstens die helfte van die kelners in diens in 'n inrigting minstens £8 per maand betaal moet word. | |
| (ii) Kassier | 8 0 0 |
| (iii) Toonbankbediende | 8 0 0 |
| (iv) Kok | 9 0 0 |
| met dien verstande dat, as 'n kok net vir die personeel maaltye berei, 'n laer loon as £9 per maand betaal mag word, maar sodanige laer loon mag nie laer wees nie as | 5 0 0 |
| | *Per uur.* |
| (v) Loswerker | £0 1 6 |
| | *Per dag.* |
| met 'n minimum van | £0 3 6 |
| | *Per maand.* |
| (vi) Bedieningsreëlaar of opsigter | £8 10 0 |
| (vii) Algemene assistent | 3 10 0 |
| (viii) Linneversorger | 8 0 0 |
| (ix) Bestuurder | 10 0 0 |
| (x) Spenshulp | 8 0 0 |
| (xi) Deeltydse arbeider | 5 0 0 |
| (xii) Magasynier | 8 0 0 |
| (xiii) Deeltydse skouburg-toonbankbediende | 5 10 0 |
| (xiv) Deeltydse skouburg-kelnerin | 3 5 0 |

5. BETALING VAN LONE.

*Balanseerinrigtings.*

By nuwe muurweegskale mag die balanseerbol wat verskaf is vir daaglikse regulering alleen verstelbaar wees deur middel van 'n meganiese toestel en die reguleringsomvang mag hoogstens $\frac{1}{2}$ persent van die kapasiteit van die toestel wees.

*Gravity Ball.*

Where a gravity ball is provided and is not enclosed, it shall be adjustable only by means of a mechanical appliance.

The poises of steelyards and wall beams shall be freely movable without risk of injury to the notches, and there shall be a stop to prevent them travelling behind the zero mark.

VERIFICATION.

*Method of Testing.*

38. Each numbered graduation shall be tested, and the instrument shall be correct whether the test is forward or backward. The verification of a wall beam shall be carried out with the instrument suspended in a level position.

*Turning Allowances.*

The turning allowances for wall beams and overhead weighers shall be those prescribed in Table VI for dead-weight machines of similar capacity.

The turning allowances for steelyards shall be twice the allowance for wall beams of similar capacity.

*Position of Stamp.*

39. The stamp of assize shall be placed upon a lead plug in a conspicuous and easily accessible part of the steelyard or wall beam, and the date stamp upon the lead in the adjusting holes of poises.

## DEAD-WEIGHT MACHINES.

*Definition.*

40. The term "dead-weight machine" means any equal armed weighing instrument of a capacity exceeding 100 lb., the pans or platforms of which are above the beam; the principle of construction of such instrument being similar to that of a counter machine, except that the stay may be in two parts.

EXAMINATION.

*Construction and Fitting.*

41. The bearing surfaces and points of contact of all stays, hooks, and loops shall be of hard steel, and the centres shall have rectangular shanks, fitted and firmly secured in rectangular holes.

The bearing surfaces of the adjustable slides shall be of hard steel, and the stems holding them in position shall be secured by lock-nuts.

The goods platform shall not exceed in length the length of the beam and in width double the width of the beam. Folding-wings shall not increase such dimensions more than one-third in either direction.

Platforms shall be of metal, hard wood, or other approved material.

*Range of Travel.*

The travel of the beam in dead-weight machines shall not be less than $\frac{5}{8}$ inch each way from the horizontal for vibrating instruments; and shall not be less than $\frac{7}{8}$ inch one way for accelerating instruments.

*Balancing.*

42. Loose balancing material shall be contained in a balance-box permanently fixed beneath one platform, and its weight in lead shall not exceed 1 per cent. of the capacity of the machine. Any other balancing material shall be in one piece and shall be securely attached to the machine.

VERIFICATION.

*Position of Load during Test for Variation.*

43. The instrument shall indicate the same weight within half the prescribed turning allowance if a load of one-fourth the capacity is placed successively at the middle of the front and back of each platform and centrally over the knife edges on each side.

*Turning Allowances.*

44. Save as provided in the notes preceding Tables of Allowances, the turning allowances for dead-weight machines are shown in Table VI. In carrying out the test for sensitiveness, the full load shall be distributed over the platform.

STAMPING.

*Position of Stamp.*

45. The plug for the stamp of assize shall be placed in a conspicuous and easily accessible part of the beam of the machine.

## WEIGHBRIDGES, PLATFORM MACHINES AND COUNTER PLATFORM SCALES.

*Definitions.*

46. The terms "weighbridge", "platform machine", and "counter platform scale" mean any weighing instrument provided with one or more load-carrying platforms supported on a lever system which transmits the weight to one or more steelyards, to a self-indicating device which registers the weight in part or in full, or to a combination of such steelyard and self-indicating device.

*Swaartekrag-regulateur.*

Waar 'n onomhulde swaartekrag-regulateur aangebring is mag dit alleen verstelbaar wees deur middel van 'n meganiese toestel.

Die skuifgewigte van unsters en muurweegskale moet maklik beweegbaar wees sonder gevaar dat die kerwe beskadig word en daar moet 'n arrêtering wees om te verhinder dat die gewigte agter die nulpunt loop.

VERIFIKASIE.

*Wyse van Toetsing.*

38. Elke genommerde graadverdeling moet getoets word en die toestel moet korrek wees of die toets voorwaarts of agterwaarts is. Die verifikasie van 'n muurweegskaal moet verrig word met die toestel in 'n horisontale posisie gehang.

*Deurslagtoelatings.*

Die deurslagtoelatings vir muurweegskale en bogrondse weegtoestelle sal wees dié voorgeskryf in Tabel VI vir swaargewig-toestelle van dergelike kapasiteit (draagkrag).

Die deurslagtoelatings vir unsters is tweemaal die toelatings vir muurweegskale van dergelike draagkrag.

*Posisie van Stempel.*

39. Die ykstempel moet geplaas word op 'n loodprop op 'n in-die-ooglopende en maklik bereikbare plek van die unster of muurweegskaal, en die datumstempel op die lood in die reguleringsgate van skuifgewigte.

## SWAARGEWIG-TOESTELLE.

*Woordbepaling.*

40. Die uitdrukking „swaargewig-toestel" beteken enige gelykarmige weegtoestel met 'n kapasiteit (draagkrag) van meer as 100 lb., waarvan die skale of brûe bo die juk is; sodanige toestel moet samegestel wees volgens die beginsel van 'n toonbanktoestel, maar die stut mag uit twee dele bestaan.

ONDERSOEK.

*Samestelling en Montering.*

41. Die draagvlakke en kontakpunte van alle stutte, hake en hingsels moet van harde staal gemaak wees, en die middelpunte moet reghoekige stifte hê wat stewig in reghoekige gate bevestig is.

Die draagvlakke van die verstelbare skuivers (lopers) moet van harde staal gemaak wees, en die stange wat hulle in posisie hou moet met kontramoere vasgemaak wees.

Die goederebrug mag nie langer wees as die juk en wyer as dubbel die wydte van die juk nie. Vouklappe mag bedoelde afmetings nie meer as een-derde in enige rigting vergroot nie.

Brûe moet wees van metaal, hardhout, of ander goedgekeurde materiaal.

*Omvang van Beweging.*

Die beweging in swaargewig-toestelle moet minstens $\frac{5}{8}$-duim op en neer uit die horisontale posisie wees vir skommelende toestelle; en minstens $\frac{7}{8}$-duim na een kant vir versnellingstoestelle.

*Balansering.*

42. Los balanseermateriaal moet wees in 'n balanseerkas wat permanent bevestig is onder een brug, en sy gewig aan lood mag nie meer as 1 persent van die kapasiteit (draagkrag) van die toestel wees nie. Enige ander balanseermateriaal moet in een stuk wees en moet stewig aan die toestel bevestig wees.

VERIFIKASIE.

*Posisie van Las gedurende Toets vir Miswysing.*

43. Die toestel moet dieselfde gewig binne die helfte van die voorgeskrewe deuslagtoelating aandui as 'n las van een-vierde van die kapasiteit (draagkrag) agtereenvolgens geplaas word op die middel van die voor-en-agterkant van elke brug en in die middel oor die messe van elke sy.

*Deurslagtoelatings.*

44. Behoudens soos bepaal in die opmerkings wat aan Tabelle van Toelatings voorafgaan, word die deurslagtoelatings vir swaargewig-toestelle in Tabel VI aangegee. By die uitvoering van toetse vir gevoeligheid moet die volle las oor die gehele brug verdeel word.

STEMPELING.

*Posisie van die Stempel.*

45. Die prop vir die ykstempel moet geplaas word op 'n in-die-ooglopende en maklik bereikbare deel van die juk van die toestel.

## WEEGBRUE, BRUGBALANSE EN TOONBANK-BASKULES.

*Woordbepaling.*

46. Die uitdrukkings „weegbrug", „brugbalans" en „toonbankbaskule" beteken enige weegtoestel voorsien van een of meer brûe waarop die las gelê word, gesteun deur 'n stelsel van hefbome wat die gewig na een of meer unsters oorbring, na 'n selfaanwysende inrigting wat die gewig gedeeltelik of ten volle registreer, of na 'n kombinasie van sodanige unster en selfaanwysende inrigting.

EXAMINATION.

47. Weighbridges and dormant platform scales shall be verified in situ in addition to any preliminary test.

*Construction.*

The steelyard of the machine on its upper surface or edge shall be in a perfectly straight plane from the zero graduation to the nose-end and shall not have any readily removable parts except the support for the counterpoise weights. Adequate stops shall be provided to prevent any of the sliding poises from travelling behind the zero graduation.

The steelyard or self-indicating device may be confined in a locked receptacle, provided that all indications of weight are clearly readable.

*Range of Travel.*

The travel of the steelyard shall not be less than:—

*Vibrating Instruments.*

For weighbridges..... $\frac{1}{2}$ inch each way from horizontal.
For platform machines..... $\frac{3}{8}$ inch each way from horizontal.
For counter platform scales.. $\frac{3}{8}$ inch each way from horizontal.

*Accelerating Instruments.*

For weighbridges..... $\frac{3}{4}$ inch one way.
For platform machines..... $\frac{5}{8}$ inch one way.

*Loose Frame.*

48. Where a weighbridge or platform machine is not provided with a tare-beam, the weight of any loose receptacle or frame used in connection with the instrument shall be compensated for accurately by means of a counterpoise weight distinctive in shape from any of the ordinary counterpoise weights belonging to the instrument. Such compensating weight shall have the words "tareweight" legibly and conspicuously cut or cast on its edge.

No counter platform scale provided with a tare-beam or tare-weight shall be permitted for use in trade unless approved by the Superintendent.

*Distinguishing Marks for Counterpoise Weights.*

49. Where more than one platform machine or counter platform scale having loose counterpoise weights is kept or used by any person on any premises or on a public market, such counterpoises shall be—

(1) of standard weight in the proportion of 1 lb. for every 100 lb., or
(2) identified with the weighing instrument to which they belong by—
  (*a*) a number conspicuously and indelibly marked with paint to the full depth of the edge of each counterpoise weight in a colour distinct from the colour of the background of the weight, and corresponding to a similar number and colour indelibly marked on the pillar of the instrument. A distinctive number shall be used for each instrument and its counterpoise weights; or,
  (*b*) a band of paint of a colour distinct from the colour of the background of the weight on the edge of each individual counterpoise weight, corresponding to a band of paint of the same colour on the pillar of the instrument to which such weights belong. A distinctive colour shall be used for each machine and its counterpoise weights.

Loose counterpoise weights of new or repaired platform machines shall be marked in equivalents of 100 lb. or some multiple or sub-multiple thereof in the following manner, e.g. "  = 100 lb.".

*Bob-up Machines.*

50. A small portable coal machine of the kind known as the "bob-up" machine shall not be stamped if the counterpoise weights are threaded on a pin rigidly attached to one end of the main lever. Such counterpoises shall be used in a tray or pan suspended from a knife edge, or be placed on a loose shackle.

*Range of Balancing Ball.*

51. In new platform machines and new counter platform scales the range of the balancing ball shall not exceed $\frac{1}{2}$ per cent. of the capacity of the instrument, and shall not be less than $\frac{1}{8}$ per cent. each way from the centre of travel of the ball. For weighbridges these ranges may be doubled.

Balancing balls shall be adjustable only by means of a mechanical appliance.

*Gravity Ball.*

Where a gravity ball is provided on a new or repaired machine and is not enclosed, it shall be adjustable only by means of a mechanical appliance.

*Self-indicating Instruments.*

52. The following provisions shall apply to self-indicating or semi-self-indicating weighbridges, platform machines and counter platform scales:—

(*a*) Racks and pinions shall be of approved metal.
(*b*) The registration mechanism and cylinders or tanks containing liquids (if any) shall be protected from dust and from excessive variations of temperature.
(*c*) In pit-bank weighing machines the pendulous lever, suspension-rod, and water-box shall be suitably enclosed.

ONDERSOEK.

47. Buiten en behalwe enige preliminêre toets moet die juistheid van weegbrûe en vaste weegbrugtoestelle op die plek nagegaan word.

*Samestelling.*

Die unster van die toestel moet op sy boonste gedeelte of kant in 'n volkome reguit vlak vanaf die nulstreep tot by die punt wees, en moet geen maklik afneembare dele, behalwe die skuif vir die kontragewigte, hê nie. Voldoende arrêterings moet aangebring word om te verhinder dat die skuifgewig of gewigte nie verder as die nulstreep loop nie.

Die unster of selfaanwysende inrigting mag in 'n geslote kas gehou word mits alle gewigsaanduidings duidelik leesbaar is.

*Omvang van Beweging.*

Die beweging van die unster mag nie minder wees as:—

*Skommelende Toestelle.*

Vir weegbrûe..... $\frac{1}{2}$ duim op en neer uit die horisontale posisie;
Vir brugbalanse..... $\frac{3}{8}$ duim op en neer uit die horisontale posisie;
Vir toonbankbaskules.. $\frac{3}{8}$ duim op en neer uit die horisontale posisie;

*Versnellingstoestelle.*

Vir weegbrûe..... $\frac{3}{4}$ duim een kant;
Vir brugbalanse..... $\frac{5}{8}$ duim een kant.

*Los Raam.*

48. Waar 'n weegbrug of brugbalans nie van 'n tarrajuk voorsien is nie, moet die gewig van enige los houer of raam wat in verband met die toestel gebruik word, noukeurig gereguleer word deur middel van 'n kontragewig in vorm onderskeie van enige van die kontragewigte wat tot die toestel behoort. Op die kant van sodanige vereffeningsgewig moet die woorde „ tarragewig" leesbaar en in-die-ooglopend gesny of gegiet word.

Tensy goedgekeur deur die Superintendent word geen toonbankbaskule voorsien van 'n tarrajuk of tarragewig vir handelsgebruik toegelaat nie.

*Onderskeidingsmerke vir Kontragewigte.*

49. Waar iemand meer as een brugbalans of toonbankbaskule met los kontragewigte hou of gebruik op enige perseel of op 'n publieke mark, moet sodanige kontragewigte—

(1) van standaardgewig wees in die verhouding van 1 lb. vir elke 100 lb., of
(2) geïdentifiseer wees met die weegtoestel waartoe hulle behoort deur:—
  (*a*) 'n nommer in-die-ooglopend en onuitwisbaar gemerk met verf tot die volle diepte van die kant van elke kontragewig in 'n kleur wat afsteek by die kleur van die agtergrond van die gewig en wat ooreenkom met 'n gelyke nommer en kleur wat onuitwisbaar gemerk is op die suil van die toestel. 'n Onderskeidingsnommer moet gebruik word vir elke toestel en sy kontragewigte; of
  (*b*) 'n streep verf van 'n kleur wat afsteek by die kleur van die agtergrond van elke afsonderlike kontragewig ooreenkomende met 'n streep verf van dieselfde kleur op die suil van die toestel waartoe sodanige gewigte behoort. 'n Afsonderlike kleur moet gebruik word vir elke toestel en die kontragewigte daarvan.

Los kontragewigte van nuwe of gerepareerde brugbalanse moet gemerk word in ekwiwalente van 100 lb. of 'n veelvoud of subveelvoud daarvan op die volgende wyse: b.v. „ =100 lb."

*„ Bob-up "-toestelle.*

50. Klein vervoerbare steenkooltoestelle van die soort bekend as die „ bob-up "-toestel mag nie gestempel word nie as die kontragewigte ingeryg is op 'n stif wat stewig vasgeheg is aan die ent van die hoofhefboom. Sodanige kontragewigte moet gebruik word in 'n bord of skaal wat van 'n mes afhang, of op 'n los beuel geplaas word.

*Werkingsfeer van Balanseerbol.*

51. In nuwe brugbalanse en nuwe toonbankbaskules moet die werkingsfeer van die balanseerbolle verskaf vir die daaglikse regulering van nie meer wees as $\frac{1}{2}$ persent van die kapasiteit van die toestel nie en nie minder as $\frac{1}{8}$ persent aan beide kante vanaf die middelpunt van beweging van die bol nie. Vir weegbrûe mag die werkingsfeer verdubbel word.

Balanseerbolle mag alleen verstelbaar wees deur middel van 'n meganiese inrigting.

*Swaartekrag-regulateurs.*

Waar 'n swaartekrag-regulateur op 'n nuwe of gerepareerde toestel aangebring is, en nie omhul is nie, mag dit alleen verstelbaar wees deur middel van 'n meganiese inrigting.

*Selfaanwysende Toestelle.*

52. Onderstaande bepalings is van toepassing op selfaanwysende of gedeeltelik selfaanwysende weegbrûe, brugbalanse en toonbankbaskules:—

(*a*) Ratte en tandratte moet van goedgekeurde metaal wees.
(*b*) Die registrasie-meganisme en silinders of bakke wat vloeistowwe bevat, moet beskerm word teen stof en oormatige temperatuur-veranderings.
(*c*) In mynwal-weegskale moet die hangende hefboom, hangstaaf en waterkas behoorlik toegemaak wees.

*Graduations.*

(*d*) The graduation marks shall be clear and distinct and shall not—

(1) exceed $^1/_{32}$ inch in width on platform machines and counter platform scales;
(2) exceed $^1/_{16}$ inch in width on weighbridges;
(3) be less than $\frac{1}{8}$ inch apart, measured from centre to centre. Denominated sub-divisions shall be distinguished by longer lines than minor graduations.

*Indicator Dimensions.*

(*e*) The indicating pointer or finger shall not exceed in width or thickness for a minimum length of $\frac{1}{2}$ inch, measured from its extremity, the width of the graduation marks.

*Value of Graduations.*

(*f*) The maximum value of a smallest graduation shall be:—

FOR PLATFORM MACHINES AND COUNTER PLATFORM SCALES.

| | | |
|---|---|---|
| Capacity not exceeding | 100 lb. ... ... ... ... | 4 oz. |
| ,, ,, ,, | 250 lb. ... ... ... ... | 8 oz. |
| ,, ,, ,, | 500 lb. ... ... ... ... | 1 lb. |
| ,, ,, ,, | 1,000 lb. ... ... ... ... | 2 lb. |
| ,, ,, ,, | 2,500 lb. ... ... ... ... | 5 lb. |

FOR WEIGHBRIDGES.

| | | |
|---|---|---|
| Capacity not exceeding | 3 tons ... ... ... ... | 5 lb. |
| ,, ,, ,, | 10 tons ... ... ... ... | 10 lb. |
| ,, ,, ,, | 40 tons ... ... ... ... | 25 lb. |
| ,, exceeding | 40 tons ... ... ... ... | 50 lb. |

VERIFICATION.

*Testing Procedure.*

53. The assizer shall proceed to test each numbered graduation and such minor graduation as he may consider necessary. He shall then test the loose counterpoise weights where such are provided, and finally test the machine at its maximum load or as near thereto as circumstances will permit. When sufficient standard weights are not available to test a machine to its capacity, it shall, as far as practicable, be loaded with heavy material to such proportion of its maximum load as is equal to the total of the standard weights available, and then be tested in order to ascertain that the addition of such standard weights is correctly indicated.

*Test at Quarter Load.*

54. With one-fourth the maximum load, or as near thereto as is practicable, the machine shall indicate the same weight within the limits of one-half of the allowance for sensitiveness or error, as the case may be, whether the load is placed on the middle or near the ends or corners of the platform; provided, however, that the indicated difference in weight between the middle, sides, ends, or any two corners shall not exceed one-half the prescribed allowance for sensitiveness or error.

*Relieving Gear and Strength of Levers.*

55. A platform machine fitted with relieving gear shall be put slowly out of and into gear when loaded to capacity. Any variation between weighings resulting from such action shall be added to any error which may have been found when the test for sensitiveness was applied. The total so obtained shall not exceed the allowance for sensitiveness or error prescribed for the instrument.

The plate or platform shall be disengaged entirely from the bearings when the machine is in relief.

Where doubt arises as to the strength of the levers or other working parts of a counter platform scale, platform machine, or weighbridge, the instrument shall be tested to its capacity, and shall be rejected if it yields unduly under such test.

*Turning Allowances.*

56. The allowances for counter platform scales are shown in Table V (*a*); for platform machines in Table VI, and for weighbridges in Table VII.

STAMPING.

*Position of Stamp.*

57. On a self-indicating machine the stamp of assize shall be placed on a soft metal plug fixed on the dial, beam, or pillar, and seals shall be affixed to prevent unauthorized access to the working parts.

On a weighbridge, platform machine, or counter platform scale other than a self-indicating instrument the stamp of assize shall be placed on the plug in a conspicuous position either on the shoulder or the opposite end of the indicating lever or steelyard.

The assizer shall place his date stamp upon the lead in the adjusting hole of counterpoise weights.

## CRANE MACHINES.

*Definition.*

58. The term "crane machine" means any suspended unequal armed compound lever weighing instrument having a knife-edge-supported load hook, and provided with poises moving over graduated scales to indicate weight.

*Graadverdelings.*

(*d*) Die graadverdelingsmerke moet helder en duidelik wees en mag nie:—

(1) wyer wees as $^1/_{32}$ duim op brugbalanse en toonbankbaskules nie;
(2) wyer wees as $^1/_{16}$ duim op weegbrûe nie;
(3) minder as $\frac{1}{8}$ duim, gemeet van middel tot middel nie. Benoemde onderafdelings moet onderskei word deur langer strepe as die geringer graadverdelings.

*Afmetings van die Aanwyser.*

(*e*) Die aanwyser of vinger mag vir 'n minimumlengte van $\frac{1}{2}$ duim van sy ent gemeet nie wyser of dikker as die graadverdelingsmerke wees nie.

*Waarde van Graadverdelings.*

(*f*) Die maksimum-waarde van 'n kleinste graadverdeling moet wees:—

VIR BRUGBALANSE EN TOONBANKBASKULES.

| | | |
|---|---|---|
| Kapasiteit hoogstens | 100 lb. ... ... ... ... | 4 ons |
| ,, ,, | 250 lb. ... ... ... ... | 8 ons. |
| ,, ,, | 500 lb. ... ... ... ... | 1 lb. |
| ,, ,, | 1,000 lb. ... ... ... ... | 2 lb. |
| ,, ,, | 2,500 lb. ... ... ... ... | 5 lb. |

VIR WEEGBRÛE.

| | | |
|---|---|---|
| Kapasiteit hoogstens | 3 ton ... ... ... ... | 5 lb. |
| ,, ,, | 10 ton ... ... ... ... | 10 lb. |
| ,, ,, | 40 ton ... ... ... ... | 25 lb. |
| ,, bo | 40 ton ... ... ... ... | 50 lb. |

VERIFIKASIE.

*Wyse van Toetsing.*

53. Die yker moet elke genommerde graadverdeling toets, asook sodanige geringer graadverdelings as hy nodig ag: Hy moet dan die los kontrakgewigte, waar hulle aangebring is, toets, en ten slotte die toestel toets op sy maksimum-las, of so na daaraan as omstandighede toelaat. Wanneer daar nie genoegsame standaardgewigte beskikbaar is om 'n toestel tot sy volle kapasiteit te toets nie, moet dit, waar doenlik, belas word met swaar materiaal totdat sodanige verhouding van sy maksimum-belasting as gelykstaan met die totaal van die beskikbare standaardgewigte en dan getoets word om seker te maak dat die byvoeging van sodanige standaardgewigte behoorlik aangewys word.

*Toets met 'n Kwart Las.*

54. Met een-kwart van die maksimum-las, of so naby dit as doenlik is, moet die toestel dieselfde gewig aandui tussen die grense van een-helfte van die toelating vir gevoeligheid of fout, na gelang van die geval, of die las in die middel of naby die ente of hoeke van die brug geplaas is; met dien verstande egter, dat die aangeduide verskil in gewig tussen die middel, sye, ente of enige twee hoeke hoogstens die helfte van die voorgeskrewe toelating vir gevoeligheid of fout mag bedra.

*Ontlastingsrat en Sterkte van Hefbome.*

55. 'n Brugbalans wat van 'n ontlastingsrat voorsien is, moet, wanneer dit belas is, langsaam in- of uitgeskakel word. Verskille tussen wegings wat ontstaan as gevolg van sodanige handeling moet gevoeg word by enige fout wat opgemerk is by die toets vir gevoeligheid. Die totaal aldus verkry mag nie meer wees as die toelating vir gevoeligheid of fout voorgeskryf vir die toestel nie.

Die plaat of brug moet heeltemal vry van draagvlakke wees wanneer die toestel in ontlasting is.

Waar daar twyfel bestaan omtrent die sterkte van die hefbome of ander werkende dele van 'n toonbankbaskule, brugbalans of weegbrug, moet die werktuig tot op sy volle kapasiteit getoets word, en moet afgekeur word as dit onder sodanige toets te veel deurbuig.

*Deurslagtoelatings.*

56. Die toelatings vir toonbankbaskules word gegee in Tabel V (*a*); vir brugbalanse in Tabel VI, en vir weegbrûe in Tabel VII.

STEMPELING.

*Posisie van Ykstempel.*

57. Op 'n selfaanwysende toestel moet die ykstempel aangebring word op 'n prop van sagte metaal wat aan die wysterplaat, juk, of suil bevestig is, en seëls moet aangebring word om ongeoorloofde toegang tot die werkende dele te verhinder. Op 'n weegbrug, brugbalans of toonbankbaskule, uitgenome 'n selfaanwysende toestel, moet die ykstempel aangebring word op die prop wat in 'n in-die-ooglopende plek op die skouer of op die teenoorgestelde ent van die aanwysingshefboom of unster is.

Die yker moet sy datumstempel sit op die lood in die reguleringsgat van kontragewigte.

## KRAANWEEGTOESTELLE.

*Woordbepaling.*

58. Die uitdrukking "kraanweegtoestel" beteken enige hangende ongelykarmige samegestelde hefboomweegtoestel, voorsien van lashaak met mes, en van skuifgewigte wat verskuif kan word langs 'n skaal met graadverdeling om die gewig aan te dui.

EXAMINATION AND VERIFICATION.

*Construction and Test.*

59. A crane machine shall be tested as near as practicable to its full capacity.

All working parts shall be suitably protected from damp and dust.

*Turning Allowances.*

60. The allowances for machines below two tons shall be the same as for platform machines, and for machines of two tons and upwards the same as for weighbridges.

STAMPING.

*Position of Stamp.*

61. The plug to receive the stamp of assize shall be placed on a conspicuous and vital part of the instrument.

## AUTOMATIC WEIGHING MACHINES.

*Definition.*

62. The term "automatic weighing machine" means a machine in which special self-acting machinery is used to effect an automatic feed, the rapid weighing of predetermined quantities, the registration and summation of loads, or other similar purpose.

EXAMINATION AND VERIFICATION.

*Construction.*

63. Automatic machines and their integral parts, such as special beams, etc., shall, as far as practicable, satisfy the requirements of these regulations, where such are applicable, as regards principle, detail, or material of construction. Beams need not be marked with any class, but shall be identified with the machine by a number or other appropriate mark of identification, which shall be indelible.

The adjusting mechanism shall be suitably secured or protected so that it cannot readily be tampered with.

*Test.*

The machine shall, where practicable, be tested directly by the application of standard weights, and the accuracy of the output or cut-off shall be verified by re-weighing over another assized weighing instrument, as many continuous loads as the assizer may consider necessary.

*Totalizing Machines.*

In testing totalizing machines not less than ten loads shall be weighed.

The quantity to be weighed during the test of a continuous-weigher or belt-weigher shall be that which would pass over the machine during a thirty minutes run in the ordinary course.

*Errors Permitted.*

64. The errors permissible on verification of automatic machines are as follows:—

| *For Weighing.* | | *Error.* |
|---|---|---|
| Tea, coffee and such like commodities | 2 oz. and under | 1 per cent. in excess only. |
| Tea, coffee and such like commodities | 4 oz. and above 2 oz. | ¾ per cent. in excess only. |
| Tea, coffee and such like commodities | Above 4 oz.... | ½ per cent. in excess only. |
| Grain, grain products, sugar and such like commodities | 5 lb. and under | ½ per cent. in excess or deficiency. |
| Grain, grain products, sugar and such like commodities | Over 5 lb..... | ¼ per cent. in excess or deficiency. |
| Cement, coal, coke, ore, and such like commodities | 100 lb. and upwards | ½ per cent. in excess or deficiency. |
| Totalizing machines.... | | ½ per cent. in excess or deficiency over the number of weighings taken. |

STAMPING.

*Position of Stamp.*

65. The plug to receive the stamp of assize shall be conspicuously placed upon the beam, shank, or some other vital part of the instrument.

## SELF-INDICATING WEIGHING INSTRUMENTS.

*Definition.*

66. The term "self-indicating weighing instrument" means any weighing instrument on which part or the whole of the weight or money-value of the goods weighed is indicated by means of a moving finger or chart or other device approved by the Superintendent, but shall exclude instruments fitted with a difference-chart.

The provisions of regulations 67, 68, and 69 shall apply to self-indicating weighing instruments of the suspended type, and those which are designed more especially for counter use.

EXAMINATION.

*Graduations.*

67. In new instruments the graduations shall be distinct and shall not exceed one sixty-fourth of an inch in width.

ONDERSOEK EN VERIFIKASIE.

*Samestelling en Toets.*

59. 'n Kraanweegtoestel moet getoets word so naby sy volle kapasiteit as doenlik is.

Alle werkende dele moet behoorlik beskerm word teen vogtigheid en stof.

*Deurslagtoelatings.*

60. Die toelatings vir toestelle van minder as twee ton is dieselfde soos vir brugbalanse, en vir toestelle van twee ton en daarbo net soos vir weegbrûe.

STEMPELING.

*Posisie van Ykstempel.*

61. Die stempelprop moet geplaas word op 'n in-die-ooglopende en belangrike deel van die toestel.

## OUTOMATIESE WEEGTOESTELLE.

*Woordbepaling.*

62. Die uitdrukking „outomatiese weegtoestel" beteken 'n toestel waarin spesiale selfwerkende masjinerie gebruik word om 'n outomatiese voeding, snelle weging van vooraf-bepaalde hoeveelhede, registrasie en optelling van laste, of ander soortgelyke doeleindes te bewerkstellig.

ONDERSOEK EN VERIFIKASIE.

*Samestelling.*

63. Outomatiese toestelle en hulle integrale dele, soos spesiale jukke, ens., moet sover as doenlik, voldoen aan die vereistes van hierdie regulasies, waar hulle van toepassing is, wat betref beginsel, besonderhede of materiaal van konstruksie. Jukke hoef nie met enige klas gemerk te word nie, maar moet die toestel aanwys deur 'n nommer of ander toepaslike identifikasiemerk, wat onuitwisbaar moet wees.

Die stelinrigting moet behoorlik vasgesit of beskerm word sodat daar nie maklik mee geknoei kan word nie.

*Toetsing.*

Waar doenlik moet die toestel getoets word direk deur die gebruik van standaardgewigte, en die juistheid van die aflewering of afsluiting moet getoets word deur 'n herweging op 'n ander geykte weegtoestel van soveel agtereenvolgende laste as die yker nodig ag.

*Totaliseertoestelle.*

By die toetsing van totaliseertoestelle moet minstens tien laste geweeg word.

Die hoeveelheid wat gedurende die toetsing van 'n deurgaande weegtoestel of band-weegtoestelle geweeg moet word, moet dié wees wat gedurende die gewone loop in dertig minute oor die toestel sou gaan.

*Foute Toegelaat.*

64. Die foute toegelaat by verifikasie van outomatiese toestelle is as volg:—

| *Vir die weeg van.* | | *Fout.* |
|---|---|---|
| Tee, koffie en dergelike handelsartikels | 2 ons. en minder | 1 persent alleen in oormaat. |
| Tee, koffie en dergelike handelsartikels | 4 ons. en bo 2 ons. | ¾ persent alleen in oormaat. |
| Tee, koffie en dergelike handelsartikels | Bo 4 ons..... | ½ persent alleen in oormaat. |
| Graan, graanprodukte, suiker en dergelike handelsartikels | 5 lb. en minder | ½ persent in oormaat of ondermaat. |
| Graan, graanprodukte, suiker, en dergelike handelsartikels | Bo 5 lb..... | ¼ persent in oormaat of ondermaat. |
| Sement, steenkool, kooks, erts en dergelike handelsartikels | 100 lb. en meer | ½ persent in oormaat of ondermaat. |
| Totaliseertoestelle..... | | ½ persent in oormaat of ondermaat oor die aantal wegings wat verrig word. |

STEMPELING.

*Posisie van Ykstempel.*

65. Die prop vir die ykstempel moet in-die-ooglopend geplaas word op die juk, arm of ander belangrike deel van die toestel.

## SELFAANWYSENDE WEEGTOESTELLE.

*Woordbepaling.*

66. Die uitdrukking „selfaanwysende weegtoestel" beteken enige weegtoestel waarop die gehele gewig of geldswaarde van die geweegde ware, of 'n gedeelte daarvan aangewys word deur 'n bewegende vinger of bord of ander inrigting goedgekeur deur die Superintendent, maar sluit nie in toestelle voorsien van 'n differensiaalbord nie.

Die bepalings van regulasies 67, 68 en 69 is van toepassing op selfaanwysende weegtoestelle van die hangende soort en dié wat meer spesiaal vir toonbankgebruik ontwerp is.

ONDERSOEK.

*Graadverdelings.*

67. In nuwe toestelle moet die graadverdelings duidelik wees en mag nie meer as een-vier-en-sestigste van 'n duim wyd wees nie.

The minimum distance between graduations measured from centre to centre shall be not less than one-sixteenth of an inch; provided that a lens or other approved device may be fitted to the instrument for the purpose of magnifying the distance apart of the graduation marks so as to bring them into conformity with this regulation.

Denominated sub-divisions shall be distinguished by longer lines than minor graduations.

The weight and price indicated shall be clearly legible, and in the case of partially enclosed charts, the aperture through which the indications are read shall be sufficiently large to permit the next lower numbered graduation to be read.

*Spirit-Levels.*

A spirit-level shall be provided on all new instruments for counter use and, after 31st December, 1934, a circular spirit-level or cross spirit-levels shall be provided on such instruments.

*Indicating Band or Double Wires.*

New cylindrical self-indicating scales shall be provided with a steel index band or double wires for indicating the weight and price.

The indicating band or wire, or the extremity of the indicating finger, where such is used, shall not exceed one sixty-fourth of an inch in width, or be distant from the chart by more than one-sixteenth of an inch so that no appreciable error may result from parallax.

In any new self-indicating weighing instrument of a capacity not exceeding 100 lb., the value of the smallest subdivision on the chart shall not exceed the amount shown in the following table:—

| *Capacity of Instrument.* | *Maximum Value of Smallest Division on Chart.* |
|---|---|
| Under 2 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 drams. |
| 2 lb. and under 20 lb. ... ... ... ... ... ... | 8 drams. |
| 20 lb. and not exceeding 30 lb. ... ... ... | 1 oz. |
| Over 30 lb. and not exceeding 60 lb. ... ... ... | 2 oz. |
| Over 60 lb. and not exceeding 100 lb. ... ... | 4 oz. |

The figures denoting value shall be in alignment with those for weight and a sufficient number of the computations shall be checked to establish their general accuracy.

VERIFICATION.

*Test and Errors Permissible.*

68. Where instruments are provided with a chart on both the seller's and purchaser's side the readings on such charts shall correspond.

Each numbered graduation shall be tested and the instrument shall be correct whether the test is forward or backward.

Instruments shall satisfy the requirements prescribed for beam scales or counter machines in so far as these are applicable, including an eccentric test.

The allowance of error for a self-indicating beam scale shall correspond with the turning allowance prescribed for an ordinary beam scale of the same capacity and class.

The allowance of error for all other self-indicating scales for counter use, and for suspended weighers, shall correspond with the turning allowance prescribed for a counter machine of the same capacity.

STAMPING.

*Stamping and Sealing.*

69. A soft metal plug to receive the stamp of assize shall be fitted in a conspicuous part of the instrument, and seals shall be affixed to prevent unauthorized access to the working parts.

## CREAM TEST SCALES.

*Definition.*

70. The term "cream test scale" means any equal armed weighing instrument of low capacity, on which the function of knife edges and bearings is undertaken by flat steel bands, and specifically designed to determine the butter-fat content of cream.

EXAMINATION.

*Graduations and Pointer.*

71. The instrument shall be provided with a pointer moving over a graduated scale, the clear interval between graduations being not less than 0.04 inch, whilst the pointer shall be so finely shaped as to permit of readings being made with precision.

72. All working parts shall be inspected to ensure that they are securely affixed, and the gravity ball shall be soldered or otherwise secure in position after setting.

*Seals.*

Seals shall be provided to prevent unauthorized removal of the base-plate of the instrument.

Die minimum-afstand tussen graadverdelings van middel tot middel gemeet, moet minstens een-sestiende duim wees, met dien verstande dat 'n lens of ander goedgekeurde inrigting aan die toestel bevestig mag word met die doel om die afstand afsonderlik van die graadverdelingsmerke te vergroot om hulle in ooreenstemming met hierdie regulasie te bring.

Benoemde subafdelings moet onderskei word deur langer lyne as in die geval van geringer graadverdelings.

Die gewig en prys aangewys moet duidelik leesbaar wees, en in die geval van gedeeltelik toegemaakte borde, moet die opening waardeur die aanwysings gelees word, groot genoeg wees om toe te laat dat die daaropvolgende later genommerde graadverdeling kan gelees word.

*Waterpasse.*

'n Waterpas moet aangebring word op alle nuwe toestelle vir toonbankgebruik, en na 31 Desember 1934 moet 'n sirkelvormige waterpas of kruiswaterpasse op sodanige toestelle aangebring word.

*Wyserband of Dubbel Drade.*

Nuwe silindervormige selfaanwysende weegskale moet voorsien wees van 'n staalwyserband of dubbele drade om gewig en prys aan te wys.

Die wyserband of draad, of die punt van die wyser waar dit in gebruik is, mag nie wyer wees as een vier-en-sestigste duim nie, en ook nie verder van die bord af wees as een-sestiende duim nie, sodat daar geen merkbare fout deur parallaks kan ontstaan nie.

In enige nuwe selfaanwysende weegtoestel met 'n kapasiteit (draagkrag) van ten hoogste 100 lb., mag die waarde van die kleinste onderafdeling op die bord nie meer as die hoeveelheid getoon in onderstaande tabel wees nie:—

| *Kapasiteit van Toestel.* | *Maksimum-waarde van Kleinste Verdeling op Bord.* |
|---|---|
| Onder 2 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 dragme. |
| 2 lb. en onder 20 lb. ... ... ... ... ... ... | 8 dragme. |
| 20 lb. en hoogstens 30 lb. ... ... ... ... | 1 ons. |
| Bo 30 lb. en hoogstens 60 lb. ... ... ... | 2 ons. |
| Bo 60 lb. en hoogstens 100 lb. ... ... ... | 4 ons. |

Die syfers wat waarde aandui moet in een lyn wees met dié vir gewig en 'n voldoende aantal van die berekeninge moet gekontroleer word om hulle algemene juistheid vas te stel.

VERIFIKASIE.

*Toetsing en Foute Toelaatbaar.*

68. Waar toestelle voorsien is van 'n bord aan die verkoper sowel as die koper se kant, moet die aflesings op sodanige borde met mekaar ooreenkom.

Elke genommerde graadverdeling moet getoets word en die toestel moet korrek wees of die toets vooruit of agteruit is.

Toestelle moet voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir jukweegskale of toonbanktoestelle vir sover dié van toepassing is, met inbegrip van 'n eksentriektoets.

Die fout toelaatbaar vir 'n selfaanwysende jukweegskaal moet ooreenkom met die deurslagtoelating voorgeskryf vir 'n gewone jukweegskaal van dieselfde kapasiteit (draagkrag) en klas.

Die fout toelaatbaar vir alle ander selfaanwysende weegskale vir toonbankgebruik, en vir hangende weegtoestelle, moet ooreenkom met die deurslagtoelating voorgeskryf vir 'n toonbanktoestel van dieselfde kapasiteit (draagkrag).

STEMPELING.

*Stempeling en Verseëling.*

69. 'n Sagte metaalprop vir aanbringing van die ykstempel moet bevestig word in 'n in-die-ooglopende deel van die toestel en seëls moet aangebring word om ongeoorloofde toegang tot die werkende dele te verhinder.

## ROOMTOETS-WEEGSKALE.

*Woordbepaling.*

70. Die uitdrukking „roomtoets-weegskaal" beteken enige gelykarmige weegtoestel van lae kapasiteit (draagkrag) waaraan die funksie van messe en draagvlakke verrig word deur plat staalbande en bepaaldelik ontwerp om die bottervetgehalte van room te bepaal.

ONDERSOEK.

*Graadverdelings en Wyser.*

71. Die toestel moet voorsien wees van 'n wyser wat beweeg oor 'n skaal met graadverdeling; die oop ruimte moet minstens 0.04 duim wees, terwyl die wyser van so 'n fyn vorm moet wees dat die aflesings met noukeurigheid kan geskied.

72. Alle werkende dele moet nagesien word om te verseker dat hulle stewig vasgemaak is, en die swaartekragregulateur moet gesoldeer, of op 'n ander wyse na stelling in sy plek gehou word.

*Seëls.*

Seëls word verskaf om ongeautoriseerde verwydering van die grondplaat van die toestel te verhinder.

VERIFICATION.

*Test at Half-load.*

73. When weights equal to half the capacity of the instrument are placed in each pan or bottle-holder, and in any position normally occupied by a cream test bottle, any error found shall not exceed half the turning allowance.

*Gravity Ball.*

74. The gravity ball shall be so set as to ensure, as far as practicable, equal sensitiveness whether the instrument is unloaded, or loaded to capacity. After setting, the retaining screw for the gravity ball shall be covered by a stud suitable to receive the stamp of assize.

*Test for Sensitiveness.*

75. The instrument shall be tested for sensitiveness both when unloaded and when loaded to capacity.

*Turning Allowances.*

The turning allowance for new and repaired cream test scales of a capacity of 240 grammes shall be 1 grain, and for instruments of that capacity in actual trade use, 2 grains.

For cream test scales of other capacities the turning allowances shall be proportionate.

STAMPING.

*Stamping and Sealing.*

76. The official seal shall be impressed on the lead seals and the stamp of assize shall be placed on the sealing plug provided on the gravity ball.

## WEIGHTS.

EXAMINATION AND VERIFICATION.

*Denomination and Provision for Adjusting.*

77. If the maker's name appears on a weight, it shall be in letters not exceeding half the size of the letters indicating the denomination. Avoirdupois weights of 1 oz. and over shall be provided with one undercut adjustment hole only, which shall be on the under surface of the weight, and shall not extend to the upper surface. Adjusting holes shall be plugged with lead which shall cover the bottom of the hole and be of sufficient thickness to ensure that it will remain securely in position. Such lead adjustment shall not extend beyond the surface.

Weights other than apothecaries' weights, shall not be marked with more than one denomination.

All weights shall be free from flaws and be quite smooth on all their surfaces.

*Errors on Verification.*

78. The errors permissible on the verification of weights shall be as shown in Tables VIII, VIII (*a*), VIII (*b*) and VIII (*c*).

STAMPING.

*Position of Stamp.*

79. Weights shall be stamped on the lead in the adjusting hole in the under-surface of the weight.

Weights not provided with an adjusting hole shall be stamped once on the face and thereafter on the under-surface.

Small weights which already bear a stamp of assize, or which may be too small to take an assize stamp impression, need not be stamped. A special certificate of verification shall be issued in respect of such weights.

## MEASURES AND MEASURING INSTRUMENTS.

### MEASURES OF LENGTH.

EXAMINATION.

*Measures of Length, Material and Construction.*

80. Measures of length shall be made of steel, brass, ivory, hard wood, woven tape, or other material approved by the superintendent. They shall be examined with the object of discovering flaws or any want of straightness or strength, and be denominated and graduated clearly and indelibly. New wooden measures of 2 feet or more in length shall have both ends capped with metal, and the tips shall be riveted. In measures such as those used for measuring bales, boxes, timber, etc., any sliding or calliper arms shall have no more play than is necessary for easy movement. A sub-divided measure of length shall have its numbered divisions and also their sub-divisions of longer lines than the minor graduations.

VERIFICATION.

81. Every measure of length shall be verified by comparison with a standard measure.

*Tension for Linked Measures.*

82. A linked measure, or a riband or tape measure, shall be tested when subjected to a tension or pull, as follows:—

| | |
|---|---|
| Ordinary riband or tape measure ... ... ... | 2 lb. |
| Ordinary tape measure, metal ... ... ... ... | 10 lb. |
| Linked measures ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 lb. |

VERIFIKASIE.

*Toets op Halwe Belasting.*

73. Wanneer gewigte gelyk aan die helfte van die kapasiteit (draagkrag) van die toestel in elke skaal of bottelhouer geplaas word, en in enige posisie wat gewoonlik deur 'n roomtoetsbottel ingeneem word, mag enige fout wat opgemerk word nie meer as die helfte van die deurslagtoelating bedra nie.

*Swaartekrag-regulateur.*

74. Die swaartekrag-regulateur moet so gestel word om soveel as doenlik dieselfde gevoeligheid te verkry, of die toestel onbelas of tot sy volle draagkrag belas is. Na stelling, moet die skroef wat die swaartekrag-regulateur vashou van 'n prop voorsien word geskik vir aanbringing van die ykstempel.

*Gevoeligheidstoets.*

75. Die toestel moet vir gevoeligheid getoets word beide wanneer onbelas en wanneer tot sy volle kapasiteit belas.

*Deurslagtoelatings.*

Die deurslagtoelating vir nuwe gerepareerde roomtoetsweegskale van 'n kapasiteit van 240 gram is 1 grein, en vir toestelle van daardie kapasiteit werklik in handelsgebruik 2 grein.

Vir roomtoetsweegskale van ander kapasiteite is die deurslagtoelatings na verhouding.

STEMPELING.

*Stempeling en Verseëling.*

76. Die offisiële seël moet op die loodseëls afgedruk word en die stempel moet geplaas word op die seëlprop wat op die swaartekrag-regulateur aangebring is.

## GEWIGTE.

ONDERSOEK EN VERIFIKASIE.

*Benaming en Voorsiening vir Regulering.*

77. As die naam van die maker op 'n gewig voorkom, moet dit wees in letters hoogstens die helfte van die grootte van die letters wat die benaming aandui. Grof-gewigte van 1 ons of meer moet voorsien word van slegs een ondersnyreguleringsgat wat aan die onderkant van die gewig moet wees, en nie tot die bokant mag deurloop nie. Reguleringsgate moet geprop word met lood wat die onderkant van die gat toemaak en wat dik genoeg moet wees om te verseker dat dit behoorlik in sy plek bly. Sodanige loodprop mag nie bokant die oppervlakte uitsteek nie.

Gewigte, uitgenome medisinale gewigte, mag nie met meer as een benaming gemerk word nie.

Alle gewigte moet sonder gebreke en aan alle oppervlaktes volkome glad wees.

*Foute in Verifikasie.*

78. Die foute toelaatbaar by die verifikasie van gewigte sal wees soon getoon in Tabelle VIII, VIII (*a*), VIII (*b*) en VIII (*c*).

STEMPELING.

*Posisie van Stempel.*

79. Gewigte moet gestempel word op die lood in die reguleringsgat aan die onderkant van die gewig.

Gewigte wat nie voorsien is van 'n reguleringsgat nie, moet eenmaal aan die bokant en daarna aan die onderkant gestempel word.

Klein gewigte wat alreeds 'n ykstempel het, of wat miskien te klein vir 'n ykstempel is, hoef nie gestempel te word nie. 'n Spesiale sertifikaat van verifikasie moet ten opsigte van sodanige gewigte uitgereik word.

## MATE EN MEETWERKTUIE.

### LENGTEMATE.

ONDERSOEK.

*Lengtemate, Materiaal en Samestelling.*

80. Lengtemate moet gemaak word van staal, geelkoper, ivoor, hardhout, geweefde band of ander materiaal goedgekeur deur die Superintendent. Hulle moet ondersoek word om te sien of hulle sonder gebreke, of reguit of sterk genoeg is, en moet duidelik en onuitwisbaar gemerk en in grade verdeel word. Nuwe houtmate van 2 voet lengte of meer moet aan beide kante bedek wees met metaalkappies en die kappies moet vasgeklink wees. In mate soos dié wat gebruik word om bale, kaste, timmerhout, ens., te meet moet enige skuif- of passerarms net genoeg speling hê om maklik te kan beweeg. 'n Onderverdeelde lengtemaat moet sy genommerde graadverdelings hê en die onderverdelings moet aangedui word met langer lyne as die geringer graadverdelings.

VERIFIKASIE.

81. Alle lengtemate moet geverifieer word deur vergelyking met 'n standaardmaat.

*Spanning vir Skakelmate.*

82. 'n Skakelmaat of meetband of lint moet getoets word onder 'n spanning of trekking, as volg:—

| | |
|---|---|
| Gewone meetlint of meetband ... ... ... | 2 lb. |
| Gewone meetband van metaal ... ... ... | 10 lb. |
| Skakelmate ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 lb. |

The measure under test shall be supported throughout its whole length on a plane and even base.

*Errors permitted.*

83. The errors permissible on the verification of measures of length are given in Table IX.

STAMPING.

*Position of Stamp.*

84. Measures shall be stamped near the beginning of the scale on each graduated side.

"galvanized wire" shall mean for the purpose of clauses (*e*) and (*f*) of sub-section (1), wire to which has been applied such weight of zinc as will enable it to withstand one or other of the following tests according to the class of the galvanizing, viz.:—

(*a*) first class, where the galvanizing purports to be of the first class, test pieces of the wire shall withstand four immersions of one minute each in a fully saturated solution of copper sulphate having a density of 1.17 at 60° F. for all gauges thicker than 14; three such immersions for gauges of 14 to 15 inclusive, and two such immersions for gauges of 16. After each such immersion the test piece shall be withdrawn from the solution, washed in water and wiped clean. Test pieces so treated shall show no sign of a deposit of metallic copper;

(*b*) second class, where the galvanizing purports to be of the second class, test pieces of wire shall withstand half of the respective immersions for wire with first class galvanizing.

### TWINES AND CORDAGE.

*Sale by Weight and Prescribed Quantities.*

37. (1) No person shall—

(*a*) sell shop, stitching, seaming, binding or harvester twine otherwise than by net weight;

(*b*) sell or make up for sale in balls, reels, cops or spools any shop, stitching, seaming, binding or harvester twine otherwise than in quantities of 2 oz., 4 oz., 8 oz., 1 lb., or an integral number of pounds of twine;

*Marking.*

(*c*) sell or make up for sale in any wrapper or other container any balls, reels, cops or spools of shop, stitching, seaming, binding or harvester twine unless each such wrapper or container shall have clearly marked on the outside thereof in the manner provided by regulation No. 44 hereof the number of balls, reels, cops or spools of twine contained therein, and the weight of twine in each such ball, reel, cop or spool.

(2) No person shall—

(*a*) sell any rope, other than metal rope, or any cordage, otherwise than by net weight or by measure of length;

(*b*) sell or make up for sale any hank, coil or piece of any such rope or cordage unless there shall be attached thereto a label stating clearly the net weight or the length of the rope or cordage contained in such hank, coil or piece.

*Determination of Weight.*

(3) The weight of the balls, reels, cops or spools of twine contained in any made-up package shall be determined by taking the average weight of the balls, reels, cops or spools contained in such package, apart from the cardboard, wooden or paper centres.

### BUILDING SAND AND CRUSHED STONE.

*Method of Sale. Delivery Ticket.*

38. No person shall—

(1) sell building sand or crushed stone otherwise than by cubic measure. Every consignment of such sand or crushed stone to a purchaser shall be accompanied by a delivery ticket or invoice stating clearly the quantity, in terms of cubic measure, to be delivered; provided that for the purpose of this regulation a "Scotch cart load" shall mean a quantity of 15 cubic feet;

*Deficiencies.*

(2) deliver to a purchaser a less quantity than is expressed on or implied by the delivery ticket.

### DELIVERY TICKETS.

39. No person shall deliver to a purchaser any goods which are sold by weight, except when in quantities of less than 25 lb., unless he shall at or before the time of delivery and prior to offloading such goods, give to such purchaser or his agent a delivery ticket stating clearly the weight of the goods to be delivered; provided that—

*Weight by Implication.*

(*a*) a delivery ticket in respect of any goods contained in bags for which a weight per bag is prescribed by Proclamation in the *Gazette* or by these regulations, which bears a statement of the number of bags of such goods

"spankrag" beteken die sterkte van die draad;

"draad van hoë spanning" beteken draad met 'n breekspanning van minstens—

2,163 lb. vir No. 10 ronde of ovale draad,
1,776 lb. vir No. 11 " "
1,428 lb. vir No. 12 " "
1,266 lb. vir No. 12½ " "
1,119 lb. vir No. 13 " "
846 lb. vir No. 14 " "

met 'n verlenging van minstens vyf persent in 'n lengte van tien duim;

"gegalvaniseerde draad" beteken vir die doeleindes van klousules (*e*) en (*f*) van subartikel (1), draad waaraan sodanige gewig van sink bevestig is dat dit die draad in staat sal stel om een of ander van onderstaande toetse na gelang van die klas van galvanisering te weerstaan, n.l.:—

(*a*) Eerste Klas, waar die galvanisering bedoel is om van die eerste klas te wees, moet toetsstukke van die draad vier onderdompelinge van een minuut elk in 'n ten volle versadigde oplossing van kopersulfaat met 'n digtheid van 1.17 by 60° F. vir alle draaddiktes bo 14 weerstaan; drie sodanige onderdompelings vir draaddiktes van 14 tot en met 15, en twee sodanige onderdompelings vir draaddiktes van 16. Na elke sodanige onderdompeling moet die toetsstuk uit die oplossing geneem, in water afgewas en skoon afgeveeg word. Toetsstukke wat aldus behandel word mag geen teken van neerslag van metaalkoper vertoon nie;

(*b*) Tweede Klas, waar die galvanisering bedoel is om van die tweede klas te wees, moet die toetsstukke van draad die helfte van die respektiewe onderdompelings vir draad met eerste klas galvanisering weerstaan.

### TWYN EN TOUWERK.

*Verkoop by Gewig en Voorgeskrewe Hoeveelhede.*

37. (1) Niemand mag—

(*a*) winkel- toewerk-, stik-, omboor- of bindtwyn anders as by netto-gewig verkoop nie;

(*b*) winkel-, toewerk-, stik-, omboor- of bindtwyn anders as in hoeveelhede van 2 ons, 4 ons, 8 ons, 1 lb. of 'n onverdeelde aantal ponde twyn in bolle, tolletjies, haspels of spoele verkoop of vir verkoop opmaak nie;

*Merking.*

(*c*) bolle, tolletjies, haspels of spoele winkel-, toewerk-, stik-, omboor-, of bindtwyn in 'n omslag of ander houer verkoop of vir verkoop opmaak nie, tensy elke sodanige omslag of houer duidelik op die buitekant daarvan gemerk is op die wyse bepaal in regulasie No. 44 hiervan met die aantal bolle, tolletjies, haspels of spoele twyn wat dit bevat, en die gewig van twyn in elke sodanige bol, tolletjie, haspel of spoel.

(2) Niemand mag—

(*a*) tou, uitgenome metaaltou, of touwerk, anders as by netto-gewig of by lengtemaat verkoop nie;

(*b*) 'n string, rol of stuk van sodanige tou of touwerk verkoop of vir verkoop opmaak nie, tensy daaraan vasgemaak is 'n etiket waarop duidelik die netto-gewig van die lengte van die tou of touwerk; wat sodanige string, rol of stuk bevat, vermeld is.

*Vasstelling van Gewig.*

(3) Die gewig van die bolle, tolletjies, haspels of spoele twyn wat enige opgemaakte pakkie bevat, moet vasgestel word deur die gemiddelde gewig van die bolle, tolletjies, haspels of spoele, wat sodanige pakkie bevat, te neem, sonder die karton-, hout- of papierbinnestuk.

### BOUSAND EN KLIPGRUIS.

*Wyse van Verkoop. Afleweringskaartjie.*

38. Niemand mag—

(1) bousand of klipgruis anders as by kubieke maat verkoop nie. Elke besending van sodanige sand of klipgruis aan 'n koper moet vergesel wees van 'n afleweringskaartjie of faktuur waarop duidelik die hoeveelheid, in terme van kubieke maat, wat afgelewer sal word, vermeld word; met dien verstande dat vir die doeleindes van hierdie regulasie 'n "skotskarvrag" sal beteken 'n hoeveelheid van 15 kubieke voet;

*Ondermaat.*

(2) aan 'n koper 'n kleiner hoeveelheid aflewer as op die afleweringskaartjie vermeld of voorgegee word.

### AFLEWERINGSKAARTJIES.

39. Niemand mag aan 'n koper ware wat by gewig verkoop word aflewer nie, behalwe in hoeveelhede van minder as 25 lb., tensy hy tydens of voor die aflewering en voor die aflading van sodanige ware aan sodanige koper of sy agent, 'n afleweringskaartjie oorhandig, waarop die gewig van die goedere wat afgelewer moet word, duidelik vermeld is; met dien verstande dat—

*Gewig by Gevolgtrekking.*

(*a*) 'n afleweringskaartjie ten opsigte van enige ware in sakke waarvoor 'n gewig per sak voorgeskryf is, by Proklamasie in die *Staatskoerant* of in hierdie regulasies, wat 'n opgaaf bevat van die aantal sakke van sodanige ware wat aan 'n koper afgelewer moet word,

to be delivered to a purchaser, shall be deemed to comply with the provisions of this paragraph and to imply that each such bag contains the weight so prescribed for a bag of such goods; provided further that, in those instances where more than one weight is prescribed by these regulations for any commodity, the weight per bag as well as the number of such bags shall be stated on such ticket;

*Weight to be Inserted on Ticket.*

(*b*) a delivery ticket in respect of any goods other than goods in bags for which a weight per bag is prescribed as provided in paragraph (*a*) of this regulation, which does not contain a statement of the weight of such goods to be delivered to a purchaser, shall not be deemed to comply with the requirements of this paragraph, notwithstanding that the seller may either verbally or in writing request the purchaser or his agent to insert the weight of the goods delivered to such purchaser, or that the purchaser or his agent has made such an insertion.

*Deficiencies.*

40. No person shall deliver to a purchaser a less quantity or a less weight of goods than is expressed on or implied by a delivery ticket which purports to set forth the quantity or weight of goods to be delivered to such purchaser.

41. No person shall, when in possession of a delivery ticket relating to any goods conveyed by him for delivery to a purchaser—

*Ticket to be shown and Delivered.*

(1) refuse, when so required, to exhibit such ticket to any authorized officer;

(2) neglect to deliver such ticket to the purchaser or his agent before any part of the goods is offloaded;

*Ticket not be Altered.*

(3) alter the weight inserted in or implied by such ticket;

*Tare Weight.*

(4) alter in any way the tare weight of any vehicle or the weight of the goods conveyed thereon for delivery to a purchaser.

*False Statements.*

42. No person shall insert in any delivery ticket, nor shall he, either verbally or in writing, make a false, incorrect or untrue statement regarding the weight or measure of any commodities sold by him.

MISCELLANEOUS.

*Exemptions.*

43. The provisions of section *forty-four* (*c*) of the Act shall not apply to—

(*a*) made-up packages of washing soda, glauber salts, or epsom salts;
(*b*) cases and cartons containing bar soap;
(*c*) cheese in original wrapping material;
(*d*) hams, bacon, or sausage skins when packed in preserving material;
(*e*) tobacco made up or packed in bags, tins or other containers;
(*f*) treacle-sugar in packages;
(*g*) fertilizers;
(*h*) seed potatoes;

provided that the package, container, or case containing any such article has the words "net weight when packed" marked thereon in the manner provided by regulation No. 44 hereof, and contains at time of packing the quantity so represented.

MARKING OF PACKAGES OR VESSELS.

44. (1) Save as provided in sub-section (2) of this regulation every bag, package or other container of commodities sold by weight or measure shall be legibly marked without any qualification with its net weight or actual liquid content in the following manner:—

(*a*) In a prominent position in proximity to the name or description of the contents;
(*b*) clearly stamped or printed in bold capital letters not less than half the size of the letters used to describe the article;
(*c*) of a colour in distinct contrast to the background;
(*d*) in terms of the largest denomination of weight or measure contained therein and, in addition, where necessary, in terms of the next following smaller denomination, e.g., "1 pound 4 ounces" or "1 lb. 4 oz.", "1½ Gallon" or "1½ Gal." Where fluid ounce denominations are employed, the maximum permissible denomination for marking the measure of the contents shall be "40 fluid ounces", or "40 fl. oz.". In every such instance the term "fluid" or "fl." shall precede the term "oz."; provided that—

(i) on packages on which no printed description appears, the weight or measure may be clearly and legibly marked thereon or on a label securely attached to such package or vessel in letters of not less than 1 inch in height;

geag word te voldoen aan die bepalings van hierdie paragraaf en te beteken dat elke sodanige sak die gewig bevat wat aldus vir 'n sak van sodanige ware voorgeskryf is; verder met dien verstande dat in die gevalle waar in hierdie regulasies meer as een gewig vir 'n handelsartikel voorgeskryf is, die gewig per sak, sowel as die aantal van sodanige sakke, op sodanige kaartjie vermeld moet word;

*Gewig moet op Kaartjie ingevul word.*

(*b*) 'n afleweringskaartjie ten opsigte van enige ware, uitgenome ware in sakke waarvoor 'n gewig per sak voorgeskryf is, soos bepaal in paragraaf (*a*) van hierdie regulasie, wat nie 'n opgaaf van die gewig van sodanige ware wat aan 'n koper afgelewer moet word, bevat nie, word geag nie te voldoen aan die vereistes van hierdie paragraaf nie, nieteenstaande dat die verkoper die koper of sy agent mondeling of skriftelik mag versoek om die gewig van die ware wat aan sodanige koper afgelewer is, in te vul, of dat die koper of sy agent sodanige invulling self verrig het.

*Tekorte.*

40. (1) Niemand mag aan 'n koper 'n kleiner hoeveelheid of 'n kleiner gewig aan ware aflewer as wat uitgedruk of aangedui is op 'n afleweringskaartjie wat veronderstel word om die hoeveelheid of gewig van ware wat aan sodanige koper afgelewer moet word, te vermeld nie.

41. Niemand mag, wanneer hy in besit van 'n afleweringskaartjie is ten opsigte van enige ware wat hy vir aflewering aan 'n koper vervoer—

*Kaartjie moet Getoon en Afgelewer word.*

(1) weier om op versoek sodanige kaartjie aan 'n gemagtigde beampte te vertoon nie;

(2) versuim om sodanige kaartjie aan die koper of sy agent af te lewer voordat enige gedeelte van die ware afgelaai word nie;

*Kaartjie mag nie Verander word nie.*

(3) die gewig wat op so'n kaartjie ingevul is of daardeur voorgegee word, verander nie;

*Tarragewig.*

(4) op enige wyse die tarragewig van 'n voertuig of die gewig van die ware wat daarop vir aflewering aan 'n koper vervoer word, verander nie.

*Valse Opgawes.*

42. Niemand mag op 'n afleweringskaartjie invul, of mondeling of skriftelik 'n valse, onjuiste of onware verklaring maak betreffende die gewig of maat van enige handelsartikel wat deur hom verkoop word nie.

GEMENG.

*Vrystellings.*

43. Die bepalings van artikel *vier-en-veertig* (*c*) van die Wet is nie van toepassing nie op—

(*a*) opgemaakte pakkies wassoda, gloubersout of Engelse sout;
(*b*) kassies en kartonne wat steenseep bevat;
(*c*) kaas in oorspronklike omhulsel;
(*d*) hamme, spek of worsderms wanneer verpak in bederfwerende materiaal;
(*e*) tabak opgemaak of verpak in sakkies, blikke of ander houers;
(*f*) stroopsuiker in pakkies;
(*g*) kunsmisstowwe;
(*h*) saadaartappels;

met dien verstande dat op die pakkie, houer, of kassie wat enige sodanige artikel bevat die woorde „ netto-gewig by verpakking " gemerk is op die wyse voorgeskryf in regulasie No. 44 hiervan, en tydens die verpakking die hoeveelheid bevat wat aldus vermeld word.

MERKING VAN PAKKIES OF VATE.

44. (1) Behoudens soos bepaal in subartikel (2) van hierdie regulasie, moet op elke sak, pakkie of ander houer van handelsartikels wat by gewig of maat verkoop word, leesbaar, sonder enige nadere bepaling, gemerk wees die netto-gewig of werklike vloeistofinhoud op die volgende wyse:—

(*a*) Op 'n in-die-ooglopende plek naby die naam of beskrywing van die inhoud;
(*b*) duidelik gestempel of gedruk in vet hoofletters, minstens half so groot as die letters wat gebruik word om die artikel te beskryf;
(*c*) van 'n kleur wat duidelik afsteek by die agtergrond;
(*d*) in terme van die grootste benaming van gewig of maat daarin en, bowendien, waar nodig, in terme van die daaropvolgende kleiner benaming, byvoorbeeld, „ 1 pond 4 ons " of „ 1 lb. 4 oz.", „ 1½ gelling " of „ 1½ gel.". Waar vloeistofonsbenamings gebruik word, moet die maksimumbenaming veroorloof vir merking van die maat van die inhoud wees „ 40 vloeistofons " of „ 40 vl. oz.". In elke sodanige geval moet die term „ vloeistof " of „ vl." die term „ oz." voorafgaan; met dien verstande dat:—

(i) op pakkies waarop geen gedrukte beskrywings voorkom nie die gewig of maat duidelik en leesbaar daarop of op 'n etiket wat stewig aan sodanige pakkie of houer geheg is, gemerk mag word in letters wat minstens 1 duim lank is;

(ii) the weight or measure of the liquid contents of wooden barrels may be branded on the head;

(iii) the weight of any article referred to in regulation No. 8 hereof may be indicated on a card printed in block letters of not less than 1 inch in height, exhibited in full view of purchasers, immediately over the place where such article is so exposed for sale.

(2) Every bag, package, or other container of commodities specified in regulation No. 43 hereof shall have the words "net weight when packed" legibly marked thereon in the manner provided by sub-section (1) hereof.

(3) Every bag, package, or other container in which any manufactured article specified in regulations Nos. 7, 9 (2), 20 and 23 hereof is made up or kept for export from the Union shall be legibly marked with the words "for export" in the manner provided in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of sub-section (1) hereof.

*Abbreviations.*

45. The abbreviations for weight or measure set forth in the Second Schedule of the Act may be used to express the weight or measure of the contents of any bag, made-up package, vessel, or other container.

*Authority to Inspect and Weigh.*

46. An authorized officer may at all reasonable times—

(*a*) enter any premises or place where any goods are bought, sold, or made up, packed, kept or offered for sale or delivery to a purchaser;

(*b*) enter any premises where goods are delivered to a consignee;

(*c*) stop any person delivering goods by hand to a purchaser;

(*d*) stop any vehicle which is carrying goods for sale or delivery to a purchaser;

(*e*) make use of any weighing or measuring instrument found in any shop or on other premises;

and may inspect and weigh the contents of any bag, package, tin, or other container, or measure the liquid contents of any bottle, tin, barrel, drum or other container for the purpose of ascertaining if the provisions of the Act and of these regulations have been complied with.

Any person who obstructs or hinders an authorized officer in the exercise of his duties shall be guilty of an offence.

*Sale of Instruments for other than Trade Use.*

47. Where any weighing or measuring instrument, weight or measure is sold for other than trade purposes, the purchaser shall under his hand furnish the seller with a certificate worded as follows:—

"I/We hereby declare that the weighing or measuring instruments, weights and/or measures specified hereunder and purchased from you this.....day of .....19.... are to be used solely for private purposes and not in any way for trade:—

*.....Weighing Instrument.
*.....Measuring Instrument.
*.....Weights.
*.....Measures.

Signature....."

(*Number, make, capacity and/or denomination to be given.)

## PART III.

## MISCELLANEOUS.

*Working Standards.*

1. Working standard weights or measures shall mean weights or measures used for the purpose of verifying weights and measures of corresponding denomination or capacity which are used in trade, or which are used for testing traders' weighing or measuring instruments.

*Comparison of Working Standards.*

2. All working standard weights and measures shall be compared with the local standards in the custody of a district assizer at least once a year, and in the case of avoirdupois brass weights used for testing traders' weights at intervals of not more than six months. Where necessary, they shall be adjusted to agree with the local standards.

*Tolerances on Iron Weights.*

On iron weights used for testing weighing instruments, the following tolerances of error in excess only shall be allowed:—

| | |
|---|---|
| 50 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 30 grains. |
| 25 and 20 lb. ... ... ... ... ... ... | 15 grains. |
| 10 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 grains. |
| 5 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 grains. |

(ii) die gewig of maat van die vloeistofinhoud van houtvate op die bokant daarvan gebrand mag word;

(iii) die gewig van enige artikel genoem in regulasie No. 8 hiervan, aangedui mag word op 'n kaart gedruk in blokletters, wat minstens 1 duim lank is, vertoon ten aanskoue van kopers, onmiddellik bokant die plek waar sodanige artikel aldus vir verkoop uitgestal word.

(2) Op elke sak, pakkie of ander houer van handelsartikels gespesifiseer in regulasie No. 43 hiervan, moet duidelik leesbaar die woorde „ netto-gewig by verpakking" gemerk word op die wyse bepaal in subartikel (1) hiervan.

(3) Op elke sak, pakkie of ander houer, waarin 'n vervaardigde artikel gespesifiseer in regulasies Nos. 7, 9 (2), 20 en 23 hiervan, opgemaak is of gehou word vir vervoer uit die Unie, moet leesbaar gemerk wees met die woorde „ vir uitvoer" op die wyse voorgeskryf in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van subartikel (1) hiervan.

*Afkortings.*

45. Die afkortings vir gewig of maat vermeld in die Tweede Bylae van die Wet mag gebruik word om die gewig of maat uit te druk van die inhoud van enige sak, opgemaakte pakkie, vat of ander houer.

*Bevoegdheid om te Inspekteer en te Weeg.*

46. 'n Gemagtigde beampte mag op alle redelike tye—

(*a*) 'n perseel of plek binnegaan waar ware gekoop, verkoop of opgemaak, verpak, gehou of aangebied word vir verkoop of aflewering aan 'n koper;

(*b*) 'n perseel binnegaan waar ware aan 'n gekonsigneerde afgelewer word;

(*c*) elkeen keer wat goedere met die hand aan 'n koper aflewer;

(*d*) elke voertuig keer wat ware vir verkoop of aflewering aan 'n koper vervoer;

(*e*) gebruik maak van elke weegtoestel of meetwerktuig wat gekry word in 'n winkel of ander perseel,

en mag die inhoud van enige sak, pakkie, blik of ander houer ondersoek en weeg, of die vloeistofinhoud van enige bottel, blik, vat, of ander houer meet met die doel om uit te vind of die bepalings van die Wet of hierdie regulasies nagekom is.

Iedereen wat 'n gemagtigde beampte in die uitoefening van sy pligte belemmer of hinder, is skuldig aan 'n oortreding.

*Verkoop van Toestelle en Werktuie wat nie vir Handeldoeleindes gebruik word nie.*

47. Waar 'n weegtoestel of meetwerktuig, gewig of maat verkoop word vir 'n ander doel as handelsdoeleindes, moet die koper aan die verkoper 'n sertifikaat afgee wat hy self onderteken het en wat as volg lui:—

„ Ek/ons verklaar hierby dat die weegtoestelle of meetwerktuie, gewigte en/of mate hieronder gespesifiseer en van u gekoop op hierdie.....dag van .....19....., uitsluitlik vir private doeleindes gebruik sal word en nie in enige opsig vir handelsdoeleindes nie:—

*.....Weegtoestel.
*.....Meetwerktuig.
*.....Gewigte.
*.....Mate.

Handtekening....."

(* Nommer, merk, kapasiteit en/of benaming moet gegee word.)

## DEEL III.

## GEMENG.

*Werkende Standaards.*

1. Werkende standaardgewigte of mate beteken gewigte of mate gebruik vir die doel om gewigte en mate van ooreenkomstige benaming of kapasiteit wat in die handel gebruik word, of wat gebruik word om die weegtoestelle of meetwerktuie van handelaars te toets.

*Vergelyking van Werkende Standaards.*

2. Alle werkende standaardgewigte en mate moet ten minste eenmaal in die jaar vergelyk word met die plaaslike standaard in bewaring van die distriksyker, en in die geval van geelkoper-grofgewigte in gebruik vir die toetsing van handelaarsgewigte met tussenpose van hoogstens ses maande. Waar nodig moet hulle gereguleer word om met die plaaslike standaards ooreen te kom.

*Toelating op Ystergewigte.*

Op ystergewigte gebruik vir die toetsing van weegtoestelle, mag onderstaande toelatings van fout alleen in oormaat geskied:—

| | |
|---|---|
| 50 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 30 grein. |
| 25 en 20 lb. ... ... ... ... ... ... | 15 „ |
| 10 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 „ |
| 5 lb. ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 „ |

Working standard weights used for the verification of traders' weights must not differ appreciably from the corresponding local standards.

*Record to be Kept.*

3. The district assizer shall cause an accurate record to be kept in the "Record of Standards" Book of all such comparisons of working standards with the local standards. Such record shall be made in the presence of a witness.

*Templets.*

4. To prevent deterioration of the standard templets, care should be taken to keep them in clean and good condition. When these standard templets are not in use they shall be kept free from dust and away from the light. All leathers or brushes used for cleaning the templets shall be kept for that purpose only. When handling the templets in the course of verifying a leather-measuring instrument, care shall be exercised to prevent stretching or deformation.

*Beam Scales.*

5. The beam scales used for testing traders' weights shall be kept in good working condition, and shall be carefully examined as to accuracy from time to time. For the guidance of officers, and in order to enable them to use their discretion in reporting to the Superintendent on the state of their beams, the following table indicates the sensitiveness which will be required when such beams are verified by the Standards Bureau, after repair or before being brought into use for the first time.

SENSITIVENESS.

Scale-beams for weight from 100 lb. to 15 lb. should turn with 10 grains.

Scale-beams for weight from 10 lb. to 2 lb. should turn with 3 grains.

Scale-beams for weight from 1 lb. to 2 oz. should turn with 0.5 grain.

Scale-beams for weight from 1 oz. to ½ dram should turn with 0.1 grain.

Balances of precision should turn with one-fifth of the above amounts.

*Control of Balances and Equipment.*

6. An assizer shall not allow the standard balances and other apparatus placed in his charge to pass from under his control or to be used for any purpose by any person other than a member of the staff.

FEES PAYABLE.

7. The fees payable by any person for the assizing and reassizing of weighing and measuring instruments, weights, and measures, and for the transport of standards shall be those specified by Proclamation No. 41 of 1932 or any amendment or addition to those fees duly made by the Governor-General by Proclamation in the *Gazette*.

8. The fees payable by an applicant for a certificate in terms of sections *eight* and *nine* of the Weights and Measures Act, 1922, qualifying him to act as an assizer shall be £2 (two pounds).

9. (1) The fees payable by any person in respect of applications by manufacturers or dealers for examination and tests under section *twenty-three* of the Weights and Measures Act, 1922, of patterns of weighing and measuring instruments, weights, and measures for trade use shall be:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. Measures of length— | | | |
| (*a*) not exceeding 1 yard (or 1 metre) ... ... | £5 | 0 | 0 |
| (*b*) exceeding 1 yard (or 1 metre) ... ... ... | 7 | 10 | 0 |
| B. Measures of capacity or volume, including only measures which are complete in themselves and of a definite capacity capable of being explicitly denominated— | | | |
| (*a*) not exceeding 1 gallon (or 5 litres) ... | 5 | 0 | 0 |
| (*b*) not exceeding 10 gallons (or 50 litres) ... | 7 | 10 | 0 |
| (*c*) exceeding 10 gallons (or 50 litres) ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (*d*) graduated gauges for measuring liquid contents of tanks ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |
| C. Weights ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |
| D. Weighing instruments— | | | |
| (*a*) beam scales, ordinary type ... ... ... ... ... | 7 | 10 | 0 |
| (*b*) counter machines, ordinary type— | | | |
| (i) capacity not exceeding 4 lb. (or 2 kilograms) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 20 lb. (or 10 kilograms) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 | 10 | 0 |
| (iii) capacity exceeding 20 lb. (or 10 kilograms) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| (*c*) Beam scales and counter machines fitted with difference-charts; self-indicating, semi-self-indicating, and price-computing instruments for counter use— | | | |
| (i) capacity not exceeding 4 lb. (or 2 kilograms) ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 | 10 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 20 lb. (or 10 kilograms ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| (iii) capacity exceeding 20 lb. (or 10 kilograms) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |
| (*d*) steelyards (constituting complete instruments) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 7 | 10 | 0 |



Werkende standaardgewigte gebruik vir die verifikasie van handelaarsgewigte mag nie aanmerklik van die ooreenkomstige plaaslike standaards verskil nie.

*Aantekenings moet gehou word.*

3. Die distriksyker moet 'n noukeurige aantekening laat hou in die „Rekord of Standards"-boek van alle sodanige vergelykings van werkende standaards met die plaaslike standaards. Sodanige aantekening moet gedoen word in teenwoordigheid van 'n getuie.

*Malle.*

4. Om verslegting van die standaard-malle te verhinder, moet sorg gedra word dat hulle in 'n skoon en goeie toestand gehou word. Wanneer hierdie standaard-malle nie in gebruik is nie, moet hulle vry van stof en verwyder van lig gehou word. Alle leer of borsels gebruik vir skoonmaak van die malle moet alleen vir daardie doel gehou word. Wanneer die malle vir die verifiëring van 'n leermeetwerktuig gehanteer word, moet sorg gedra word dat hulle nie gerek word of uit hul fatsoen raak nie.

*Jukweegskale.*

5. Die jukweegskale gebruik vir die toetsing van handelsgewigte moet in goeie werkende toestand gehou word en moet van tyd tot tyd sorgvuldig ondersoek word vir juistheid. Vir die leiding van beamptes en om hulle in staat te stel hulle diskresie te gebruik in die rapportering aan die Superintendent betreffende die toestand van hulle jukke, dui onderstaande tabel die gevoeligheid aan wat vereis sal word wanneer sodanige jukke na reparasie of voor ingebruikneming vir die eerste maal deur die standaardsbureau geverifieer word.

GEVOELIGHEID.

Jukweegskale van 100 lb. tot 15 lb. kapasiteit moet deurslaan met 10 grein.

Jukweegskale van 10 lb. tot 2 lb. kapasiteit moet deurslaan met 3 grein.

Jukweegskale van 1 lb. tot 2 ons kapasiteit moet deurslaan met 0.5 grein.

Jukweegskale van 1 ons tot ½ dragme kapasiteit moet deurslaan met 0.1 grein.

Presisieweegskale moet deurslaan met een-vyfde van bostaande hoeveelhede.

*Kontrole oor Weegskale en Uitrusting.*

6. 'n Yker mag nie toelaat dat die standaard-weegskale en ander toestelle wat onder sy toesig is aan sy kontrole onttrek word of vir enige doel deur enige persoon uitgenome 'n lid van sy personeel, gebruik word nie.

VERSKULDIGDE GELDE.

7. Die gelde verskuldig vir die yking en heryking van weegtoestelle en meetwerktuie, mate en gewigte, en vir die vervoer van standaards sal wees soos gespesifiseer by Proklamasie No. 41 van 1932 of enige wysiging van of toevoeging aan bedoelde gelde behoorlik deur die Goewerneur-generaal by Proklamasie in die *Staatskoerant* gemaak.

8. Die gelde verskuldig deur 'n applikant vir 'n sertifikaat in terme van artikels *agt* en *nege* van die „Wet op Maten en Gewichten", 1922, wat hom kwalifiseer om as yker op te tree, is £2 (twee pond).

9. (1) Die gelde verskuldig ten opsigte van applikasies van fabrikante of handelaars vir ondersoek en toetsing volgens artikel *drie-en-twintig* van die „Wet op Maten en Gewichten", 1922, van modelle van weegtoestelle en meetwerktuie, mate en gewigte vir handelsgebruik is:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. Lengtemate— | | | |
| (*a*) hoogstens een jaart (of 1 meter) ... ... ... | £5 | 0 | 0 |
| (*b*) meer as 1 jaart (of 1 meter) ... ... ... ... | 7 | 10 | 0 |
| B. Inhoudsmate, met inbegrip alleen van mate wat op hulleself kompleet is en van 'n bepaalde kapasiteit wat noukeurig benoem kan word— | | | |
| (*a*) hoogstens 1 gelling (of 5 liter) ... ... ... | 5 | 0 | 0 |
| (*b*) hoogstens 10 gelling (of 50 liter) ... ... ... | 7 | 10 | 0 |
| (*c*) meer as 10 gelling (of 50 liter) ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (*d*) peilstokke met graadverdeling om die vloeistofinhoud van tenks te meet ... ... | 5 | 0 | 0 |
| C. Gewigte ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |
| D. Weegtoestelle— | | | |
| (*a*) jukweegskale, gewone soort ... ... ... ... | 7 | 10 | 0 |
| (*b*) toonbankweegskale, gewone soort— | | | |
| (i) kapasiteit van hoogstens 4 lb. (of 2 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 20 lb. (of 10 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 | 10 | 0 |
| (iii) kapasiteit van meer as 20 lb. (of 10 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| (*c*) jukweegskale en toonbankweegskale voorsien van 'n differensiaalbord; selfaanwysende, gedeeltelik-selfaanwysende en prysberekeningstoestelle vir toonbankgebruik— | | | |
| (i) kapasiteit van hoogstens 4 lb. (of 2 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 | 10 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 20 lb. (of 10 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| (iii) kapasiteit van meer as 20 lb. (of 10 kilogram) ... ... ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |
| (*d*) unsters (komplete toestelle) ... ... ... ... | 7 | 10 | 0 |

(*e*) platform machines, dead-weight machines, and weighbridges—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) capacity not exceeding 1,000 lb. ... | £10 | 0 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 5 tons ... | 15 | 0 | 0 |
| (iii) capacity not exceeding 20 tons ... | 20 | 0 | 0 |
| (iv) capacity exceeding 20 tons ... ... ... | 25 | 0 | 0 |

(v) for machines with difference-charts, etc., of those referred to in sub-paragraphs (i), (ii), (iii), and (iv) of paragraph (*e*), £5 extra.

(*f*) automatic weighing machines—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) capacity not exceeding 10 lb. ... ... | 15 | 0 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 100 lb. ... ... | 20 | 0 | 0 |
| (iii) capacity exceeding 100 lb. ... ... ... | 25 | 0 | 0 |

(iv) for machines with recording or computing charts or mechanism: of those referred to in sub-paragraphs (i), (ii), and (iii) of paragraph (*f*), £5 extra.

E. Measuring instruments—

(*a*) measuring length—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) without totalizing or price-computing devices ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) with totalizing or price-computing devices ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |

(*b*) measuring area—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) planimeters and like instruments ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) multiple-integrating machines— | | | |
| hand-driven ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| power-driven ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |

(*c*) measuring capacity or volume apparatus for delivering measured volumes of liquids; apparatus including a container of definite capacity visibly filled by gravity feed—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) capacity not exceeding 1 gallon ... | 7 | 10 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 5 gallons ... | 10 | 0 | 0 |
| (iii) capacity exceeding 5 gallons ... ... | 15 | 0 | 0 |

(iv) duplex or multiple acting: of those instruments referred to in sub-paragraphs (i), (ii), and (iii) of paragraph (*c*), 50 per cent. extra.

(v) measures sub-divided: of those instruments referred to in sub-paragraphs (i), (ii), (iii), and (iv) of paragraph (*c*), £1 per division extra. (Additional charge for such division limited to £5 for any one instrument.)

(*d*) measuring capacity or volume apparatus for delivering measured volumes of liquids; apparatus not including a container as described in paragraph (*c*)—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) capacity not exceeding 1 gallon ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) capacity not exceeding 5 gallons ... | 15 | 0 | 0 |
| (iii) capacity exceeding 5 gallons ... ... | 20 | 0 | 0 |

(iv) duplex or multiple acting: of those instruments referred to in sub-paragraphs (i), (ii), and (iii) of paragraph (*d*), 50 per cent. extra.

(v) apparatus capable of delivering sub-divisions of full charge: of those instruments, referred to in sub-paragraphs (i), (ii), (iii), and (iv) of paragraph (*d*), £1 extra per division.

| | | | |
|---|---|---|---|
| (*e*) liquid meters ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |

(2) The fee payable for any modification of a type previously submitted, whether then approved or rejected, shall be half of the fee prescribed in sub-section (1) of this regulation.

(3) In the case of patterns of weighing and measuring instruments, weights, and measures for trade use which were in use prior to the coming into force of the Weights and Measures Act, 1922, the examination and testing will be undertaken for one-half of the normal fee.

(4) The aforementioned fees cover—

(*a*) such examination and testing of appliances with reference to the material of which and the principle on which they are constructed as may be necessary to satisfy the Board that the pattern is not such as to facilitate or result in fraud;

(*b*) testing for accuracy in accordance with the appropriate limits of error prescribed by these regulations;

(*c*) issue of certificates where issuable.

(5) All patterns of weighing and measuring instruments, weights, and measures must be delivered free of charge to such place as may be required by the Superintendent of Assize, and, where necessary, dismantled, erected, and adjusted ready for examination and test.

(6) Where, in the opinion of the Board, it is necessary to conduct an examination or test *in situ*, or where, at the request of the applicant, the Board agrees to do so, the expenses incurred by the Board and their officers will be payable in addition to the above fees.

(*e*) brugbalanse, swaargewigtoestelle en weegbrûe—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) kapasiteit van hoogstens 1,000 lb ... | £10 | 0 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 5 ton ... | 15 | 0 | 0 |
| (iii) kapasiteit van hoogstens 20 ton ... | 20 | 0 | 0 |
| (iv) kapasiteit van meer as 20 ton ... ... | 25 | 0 | 0 |

(v) vir toestelle met differensiaalborde, ens., van dié genoem in subparagrawe (i), (ii), (iii) en (iv) van paragraaf (*e*), £5 ekstra;

(*f*) outomatiese weegtoestelle—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) kapasiteit van hoogstens 10 lb. ... | 15 | 0 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 100 lb. ... ... | 20 | 0 | 0 |
| (iii) kapasiteit van meer as 100 lb. ... ... | 25 | 0 | 0 |

(iv) vir toestelle met registrering- of berekeningsborde of meganismes van dié genoem in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van paragraaf (*f*), £5 ekstra.

E. Meetwerktuie:—

(*a*) lengtemeters—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) sonder totalisering- of prysberekeningsinrigtings ... ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| (ii) met totalisering- of prysberekeningsinrigtings ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |

(*b*) oppervlaktemeters—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) vlaktemeters en dergelike werktuie | 10 | 0 | 0 |
| (ii) veelvoudige integreertoestelle— | | | |
| handtoestel ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| deur krag gedryf ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |

(*c*) vloeistof- of inhoudsmate vir die lewering van gemete hoeveelhede vloeistowwe; toestel sluit in 'n houer van 'n bepaalde kapasiteit, wat sigbaar gevul word deur swaartekrag—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) kapasiteit van hoogstens 1 gelling ... | 7 | 10 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 5 gelling | 10 | 0 | 0 |
| (iii) kapasiteit van meer as 5 gelling ... | 15 | 0 | 0 |

(iv) dubbel of veelvoudig werkende: van die werktuie genoem in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van paragraaf (*c*), 50 persent ektra;

(v) mate onderverdeel: van die werktuie genoem in sub-paragrawe (i), (ii), (iii) en (iv) van paragraaf (*c*), £1 per afdeling ekstra (addisionele koste vir sodanige afdeling beperk tot £5 vir elke afsonderlike werktuig);

(*d*) vloeistof- en inhoudsmate vir die ontlasting van gemete hoeveelhede vloeistof; toestel sluit nie in 'n houer soos omskryf in paragraaf (*c*) nie—

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) kapasiteit van hoogstens 1 gelling | 10 | 0 | 0 |
| (ii) kapasiteit van hoogstens 5 gelling | 15 | 0 | 0 |
| (iii) kapasiteit van meer as 5 gelling | 20 | 0 | 0 |

(iv) dubbel of veelvoudig werkende: van die werktuie genoem in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van paragraaf (*d*), 50 persent ekstra;

(v) toestelle in staat om onderverdelings van die volle inhoud te ontlas: van die toestelle genoem in subparagrawe (i), (ii), (iii) en (iv) van paragraaf (*d*), £1 ekstra per afdeling;

| | | | |
|---|---|---|---|
| (*e*) vloeistofmeters ... ... ... ... ... ... ... | 20 | 0 | 0 |

(2) Die bedrag verskuldig vir enige wysiging van 'n voorafgetoonde soort, of dit toe goedgekeur of afgekeur is, sal wees die helfte van die bedrag voorgeskryf in subartikel (1) van hierdie regulasie.

(3) In die geval van modelle van weegtoestelle en meetwerktuie, mate en gewigte vir handelsgebruik, wat in gebruik was voordat die „Wet op Maten en Gewichten", 1922, in werking getree het, sal die ondersoek en toetsing verrig word vir die helfte van die normale bedrag.

(4) Die voormelde bedrae dek:—

(*a*) sodanige ondersoek en toetsing van toestelle ten opsigte van die materiaal waarvan, en die beginsel volgens welke hulle gemaak is, as nodig mag wees om die Raad te oortuig dat die model nie sodanig is dat dit bedrog vergemaklik of in die hand werk nie;

(*b*) toetsing vir juistheid ooreenkomstig die toepaslike grense van fout voorgeskryf in hierdie regulasies;

(*c*) uitreiking van sertifikate waar hulle uitgereik kan word.

(5) Alle modelle van weegtoestelle en meetwerktuie, mate en gewigte, moet kosteloos afgelewer word op sodanige plek as die Yksuperintendent verlang, en, waar nodig, uit mekaar geneem, in mekaar gesit, opgestel en vir ondersoek en toetsing gereed gemaak word.

(6) Waar volgens die oordeel van die Raad dit nodig is om 'n ondersoek of toets op die plek te verrig, of waar op versoek van die applikant, die Raad inwillig om dit te doen, moet buiten en behalwe bogemelde bedrae, ook nog die onkoste betaal word, wat deur die Raad of sy beamptes gemaak word.

(7) All applications for the examination and testing of patterns of instruments shall be accompanied by properly executed drawings to scale, from which blocks of a size not exceeding 8 in. by 5 in. may be prepared. Letters and figures on original drawings must be sufficiently large to be legible when so reduced. Such drawings should, preferably, be drawn with black ink on white paper, but well-executed tracings may be accepted. Blue-prints and similar photographic reproductions will not be accepted. Drawings must be accompanied by a separate typed index to parts and a complete description of the instrument and the principle on which it acts. No descriptive matter other than index letters or figures corresponding to those used in the index to parts shall appear on the drawing.

* 1685.] [8th December, 1933.

RENT BOARD.—APPOINTMENTS TO.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government of the Union of South Africa, under and by virtue of the powers vested in him by section *one* of the Rents Act, 1920 (Act No. 13 of 1920), as extended by the Rents Acts Extension Act, 1924, has been pleased to approve of the appointment of William Menzies Gray as a member of the Port Elizabeth Rent Board in the place of John Gibson Anderson, deceased, and of the appointment of Robert Lizars Weir as a supernumerary member of the Port Elizabeth Rent Board.

R.B.12/2.

(7) Alle aansoeke om ondersoek en toetsing van modelle van werktuie moet vergesel gaan van behoorlik-uitgevoerde tekeninge op skaal, waarvan blokke van 'n grootte van hoogstens 8 duim by 5 duim gemaak kan word. Letters en syfers op oorspronklike tekeninge moet groot genoeg wees om leesbaar te wees wanneer hulle aldus verklein word. Sodanige tekeninge moet by voorkeur gemaak word met swart ink op wit papier, maar goeduitgevoerde natrekke mag aangeneem word. Ligdrukke en dergelike fotografiese reproduksies word nie aangeneem nie. Tekeninge moet vergesel gaan van 'n afsonderlik getikte bladwyser vir die dele en 'n volledige beskrywing van die werktuig en die beginsel volgens welke dit werk. Geen beskrywing uitgenome indeksletters of syfers wat ooreenkom met dié wat gebruik word in die bladwyser vir die dele mag op die tekening voorkom nie.

* No. 1685.] [8 Desember 1933.

HUURRAAD.—AANSTELLING OP.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie van Suid-Afrika, ingevolge en kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een* van die „ Wet op Huurgelden ", 1920 (Wet No. 13 van 1920), soos verleng deur die „ Wet tot Verlenging van de Wetten op Huurgelden ", 1924, goedgevind het om die aanstelling van William Menzies Gray as lid van die Port Elizabeth-huurraad in die plek van wyle John Gibson Anderson, en die aanstelling van Robert Lizars Weir as ekstra lid van die Port Elizabeth-huuraad goed te keur. R.B. 12/2.

# GENERAL NOTICES

## CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES.

* NOTICE No. 607 OF 1933.

The following particulars in regard to the membership of Co-operative Agricultural Societies are published for general information, in accordance with the provisions of sub-section (3) of section *thirty-one* of the Co-operative Societies Act (No. 28 of 1922).

N. VAN DALSEN,
Registrar of Co-operative Societies.

Department of Agriculture,
Pretoria, 5th December, 1933.

# ALGEMENE KENNISGEWINGS

## KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGE.

* KENNISGEWING No. 607 VAN 1933.

Die volgende besonderhede in verband met die lidmaatskap van Koöperatiewe Landbouvereniginge, word vir algemene informasie gepubliseer, ooreenkomstig die bepalinge van subartikel (3) van artikel *een-en-dertig* van die Wet op Koöperatiewe Verenigings (No. 28 van 1922).

N. VAN DALSEN,
Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Departement van Landbou,
Pretoria, 5 Desember 1933.

### DIE MAGALIESBERGSE KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERSVERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

| No. *No.* | Name. *Naam.* | Address. *Adres.* |
|---|---|---|
| 7945 | Anker, Petrus Godfry | Geluk, P.K. Vorentoe. |
| 7946 | Barnard, Adam, J/Seun | Grootfontein P.K. Marikana. |
| 7947 | Bezuidenhout, Carel Christiaan | Rooikoppies, P.K. Brits. |
| 7948 | Botha, Johannes Petrus, M/Seun | Kromdraai, P.K. Kwikstaart. |
| 7949 | Erasmus, Nicolaas Johannes | Lindleyspoort, P.K. Lindleyspoort. |
| 7950 | Merwe, van der, Paul Hendrik, Jnr. | Bokkraal, P.K. Leadmine. |
| 7951 | Otto, Gabriel Johannes | Geluk, P.K. Vorentoe. |
| 7952 | Putter, Willem Jacobus | Rietvalei, P.K. Lindleyspoort. |
| 7953 | Venter, Herculaas Frederik | Rooikoppies, P.K. Brits. |

### SWEET HOME KO-OPERATIEWE VERENIGING.

ADDITIONAL MEMBER.
ADDISIONELE LID.

| No. *No.* | Name. *Naam.* | Address. *Adres.* |
|---|---|---|
| 10 | Tonder, van Hercules Henning Johannes | Sweet Home, P/S Sweet Home. |

### SWEET HOME KO-OPERATIEWE VERENIGING.

TERMINATION OF MEMBERSHIP.
BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP.

| No. *No.* | Name and Address. *Naam en Adres.* | Date of termination of membership. *Datum van beëindiging van lidmaatskap.* | Reason for termination of membership. *Rede vir beëindiging van lidmaatskap.* |
|---|---|---|---|
| 8 | Tonder, van, Hercules Henning Johannes, Sweet Home, P.Z. Ebenezer, Dist. Vryburg | 17/3/33 | Death. *Oorlede.* |

### VREDE KO-OPERATIEVE LANDBOUW VERENIGING.

TERMINATION OF MEMBERSHIP.
BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP.

| No. *No* | Name and Address. *Naam en Adres.* | Date of termination of membership. *Datum van beëindiging van lidmaatskap.* | Reason for termination of membership. *Rede vir beëindiging van lidmaatskap.* |
|---|---|---|---|
| 6 | Jager, de, Carel Pieter, P.O. Vrede | 30/6/33 | Death. *Oorlede.* |

## DEPARTMENT OF LANDS.

The following notice is published for general information.

P. S. KRIGE,
Acting Surveyor-General.

Surveyor-General's Office, Pretoria.

✱ No. 609.] [8th December, 1933.

